# HUWELIKSTELSELS EN BOEDELBEPLANNING IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Legum in Boedelreg aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur

**M. FAUL**

**10807624**

Studieleier: Prof. W. du Plessis

2001

It is the existence of the woman which gives colour to the picture of the world,
And it is she who provides the inner burning of life.
This is true that she has not written the dialogues of Plato,
But it is she from whose brilliant spark was born the fire of Plato.

(Muhammad Iqbāl)

INHOUDSOPGAWE

SUMMARY..............................................................i

1. INLEIDING..........................................................1

2. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.........4

**3. Godsdiensgebaseerde Regstelsels**...................................9

***3.1 Moslem Huwelike***......................................................9

*3.1.1 Vorme van Huweliksluiting*..........................................10

*3.1.2 Gevolge van Huweliksluiting*........................................12

3.1.2.1 Status

3.1.2.2 Vermoënsregtelik...................................................13

***3.2 Hindoe Huwelike***......................................................15

*3.2.1 Vorme van Huweliksluiting*

*3.2.2 Gevolge van Huweliksluiting*........................................17

3.2.2.1 Status

3.2.2.2 Vermoënsregtelik...................................................18

**4. Suid-Afrikaanse Reg**..................................................19

***4.1 Afrika Gewoontereg***...................................................19

*4.1.1 Vorme van Huweliksluiting*

*4.2.1 Gevolge van Huweliksluiting*........................................21

4.2.1.1 Status

4.2.1.2 Vermoënsregtelik...................................................22

***4.2 Gemeenregtelike Huwelike***..........................................26

*4.2.1 Vorme van Huweliksluiting*

*4.2.2 Gevolge van Huweliksluiting*........................................27

4.2.2.1 Status
4.2.2.2 Vermoënsregtelik..........................................28

**5. Boedelbeplanning en Huweliksgoederebedelings..................31**

**6. GEVOLGTREKKING..................................................37**

**7. BIBLIOGRAFIE.....................................................42**

# ERKENNINGS

Hierdie skripsie sou nie sonder die volgende mense moontlik gewees het nie en ek is hulle diep verskuldig!!

Eerstens wil ek erkenning verleen aan my Hemelse Vader vir die geleentheid om 'n student te kon wees. En aan Dawid vir Psalm 34.

Prof. Willemien du Plessis, my studieleier. BAIE dankie vir al U hulp en waardevolle leiding by die skryf van hierdie skripsie.

Die PU vir CHO, vir die finansiële bystand.

Tannie Ria, en al die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek.

My ouers en Willem, vir hulle raad, wysheid, ondersteuning en vertroue in my.

My vriendin Yvonne van Niekerk, wat my geleer het hoe 'n rekenaar werk.

**Sleutelwoorde**

Huwelikstelsels; *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996; persone- en familiereg; godsdiensgebaseerde regstelsels; Moslem; Hindoe; Afrika Gewoontereg; Gemenereg; vorme van huweliksluiting; poligamie; *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998; status; geskenke *inter vivos*; binne/buite gemeenskap van goed; aanwasbedeling; vermoënsregtelike gevolge; erfreg; eiendomsreg; bruidskat; boedelbeplanning; inkomstebelasting; boedelbelasting.

## Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| *SARK* | Suid-Afrikaanse Regskommissie |
| *Stell LR* | Stellenbosch Law Review |
| *THRHR* | Tydskrif vir die Romeins-Hollandse Reg |
| *TRW* | Tydskrif vir Regswetenskap |
| *TSAR* | Tydskrif vir Suid-Afrikaanse Reg |

SUMMARY

**Matrimonial Dispensation and Estate Planning in South African Law**

The *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996 acknowledges the customary system of law directly (section 211) and the religious based systems of law indirectly (section 15(3)).

The objective of estate planning is to assure the most benefit, use and enjoyment of possessions for the owner with emphasis on the reduction of income and estate tax.

The question to be addressed is whether the variety of matrimonial dispensations in South Africa have an influence on estate planning within the Constitutional order.

The comparative method is used to achieve this objective by comparing the Islam, Hindu, African Customary law and the Common law matrimonial dispensations. The study is based on a literature study.

According to Islam law a woman is inferior to a man. All marriages are concluded out of community of property. A woman may hold property but her husband has control over it. She is entitled to a dowry. Muslim marriages are potentially polygamous.

A Hindu woman never reaches majority and the concept of in or out of community of property does not exist in Hindu law. Property belonging to women is divided into two groups namely *stridhana* and the limited female estate. Hindu marriages are potentially polygamous.

According to the customary law a woman has a lesser status than a man but the *Recognition of Customary Marriages Act* 120 of 1998 rectifies the situation by declaring man and woman equal. Indigenous women are thus allowed to own

property. The concept of in or out of community of property is unknown to customary law but the *Recognition of Customary Marriages Act* 120 of 1998 states that all marriages concluded after the commencement of the Act will be in community of property and in community of profit and loss unless an antenuptial contract is drawn up stating otherwise. Indigenous marriages are potentially polygamous.

Only monogamous marriages are acknowledged in Common law. All marriages are in community of property and profit and loss unless stated otherwise in an antenuptial contract. The *Fourth Law Amendment Act* 132 of 1993 declared men and women equal in all matters.

With regard to estate planning the following remarks can be made.

Testamentary succession in Muslim law is limited to one-third of the property owned by the deceased. The remaining two-thirds of the property is divided according to the rules of intestate succession. Women may inherent only half as much as men.

Muslim law is not recognised in South Africa and a testator will have to set up a trust to ensure that his wishes are fulfilled.

In Hindu law the man only has a limited freedom of testation regarding the joint family property. Likewise, the woman only has freedom of testation regarding her *stridhana*.

Hindu law is not recognised in South Africa and a testator will have to set up a trust to ensure that his wishes are fulfilled.

A person married according to customary law does not have freedom of testation regarding movable property. There are certain rules in customary law determining the way in which estates should be divided. According to the

Nguni, the eldest son of the first wife of the testator not only inherits the estate, but also the status as head of the family and the joint family estate. Women are not allowed to inherit property.

According to the common law of South Africa, trusts are frequently used as estate planning instruments. Trusts have large advantages when it comes to estate planning and tax reductions. Section 4(q) of the *Estate Planning Act* 45 of 1955 provides that all bequests made to the surviving spouse are exempt from tax. The fact that Muslim and Hindu marriages are not recognised in South African law means that this provision is not applicable to them.

By setting up trusts, Muslims and Hindus can ensure that their wives are financially taken care of. The women and/or daughters can be appointed as income beneficiaries and the children as capital beneficiaries. The customary law testator can ensure that all his children are treated equally by appointing not only his eldest son, but all his children, as capital beneficiaries. He can set up a trust for each of his wives in the case of a polygamous marriage, thereby ensuring that each of them receive income after his death.

The conclusion is that the type of matrimonial dispensation according to which one is married, definitely has an influence on estate planning. It does not seem possible to create a family law system which will please all the people of our rainbow nation because of all the different cultures that exist.

## 1. Inleiding

> Verder het die Here God gesê dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke,[1] ...Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle sal een word.[2]

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika,* 1996 erken direk die gewoonteregstelsel (artikel 211) en indirek die godsdiensgebaseerde regstelsels (artikel 15(3)).[3] Dit bring mee dat 'n verskeidenheid van huwelikstelsels erken moet word.

Voor die inwerkingtreding van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998, het die huwelikstelsel van gewoonteregtelike huwelike drasties van die Suid-Afrikaanse huwelikstelsel verskil. Dié Wet erken poligamie maar maak tegelykertyd die aanwasbedeling op hierdie huwelike van toepassing. Die huweliksgoederebedeling word opnuut vir elke nuwe huwelik in die geval van poligamie gereël.

Huwelike gesluit volgens die Islamreg is buite gemeenskap van goed terwyl die begrip binne of buite gemeenskap van goed nie aan die Hindoereg bekend is nie. Die Regskommissie[4] het aanbeveel dat Moslemhuwelike erken word, maar daar word nie spesifieke reëls ten aansien van huweliksluiting of die gevolge daarvan uiteengesit nie.

Die gemenereg van Suid-Afrika wat op die Romeins-Hollandse reg gebaseer is, was vir jare lank bo-aan die hiërargie van regstelsels wat in Suid-Afrika bestaan. Met die inwerkingtreding van die *Grondwet*, is die moontlikheid geskep dat godsdiensgebaseerde (na erkenning in wetgewing) en gewoonteregstelsels aan die Suid-Afrikaanse reg gelykgestel kan word.

---

1 Genesis 2:18.

2 Genesis 2:24.

3 Weens die omvang van hierdie skripsie word daar slegs na die posisie van die Moslem en die Hindoereg gekyk en nie ook na die Joodse reg nie.

4 *Issue Paper 15: Islamic Marriages and Related Matters* (2000) http://www.law.wits.ac.za/salc/issue.html [23 April 2001]. Vgl 3.1.1.

Artikel 9 van die *Grondwet* reël die gelykheidsbeginsel, naamlik dat daar nie op grond van ras, geslag, geslagtelikheid, swangerskap, etniese of sosiale oorsprong, kleur, ouderdom, godsdiens, geloof, kultuur of taal gediskrimineer mag word nie. Volgens artikels 15(3) en 211 is die gemenereg en godsdiensgebaseerde regstelsels onderhewig aan die *Grondwet* en dus ook onder meer aan die gelykheidsbeginsel. Behalwe dat die huwelike van die verskillende stelsels verskil, word mans en vrouens nie in die tradisionele gewoontereg of in die godsdiensgebaseerde stelsels gelyk behandel nie. Dit is onseker of die *Grondwet* wel horisontale werking in bogenoemde gevalle het. Tot dusver was die howe huiwerig om met die gewoontereg en godsdiensgebaseerde regstelsels in te meng.[5]

Die gewoonteregtelike en godsdiensgebaseerde stelsels stel hul eie vereistes vir die huwelik en heg hul eie gevolge daaraan. Die regsontwikkeling wat plaasvind vanaf die inwerkingtreding van die *Grondwet*, beteken dat huwelikspraktisyns en boedelbeplanners ook van die vermoënsregtelike gevolge en huweliksgoederebedelings van hierdie huwelike kennis moet neem.

Die doel van boedelbeplanning is om die meeste voordeel, nut en gebruik van besittings vir die eienaar daarvan te verseker met die klem op vermindering van inkomste- en boedelbelasting. Om te verseker dat die bates, waarvoor die eienaar hard gewerk het, nie misbruik word nie, is dit essensieel dat daar 'n deeglike beplanning gemaak word oor wat met die bates by die eienaar se afsterwe gebeur. Elke mens[6] is uniek en juis daarom is dit nodig om aan die mens en sy wense asook sy/haar kulturele of religieuse agtergrond voorrang te gee eerder as om 'n vaste resep vir boedelbeplanning voor te skryf. Mense en omstandighede verander en daarom moet die boedelplan so saamgestel word dat dit by die veranderde omstandighede kan aanpas en is gereelde hersiening daarvan van groot belang. 'n Boedelbeplanner sou onder andere ook moet

---

5 *Ryland v Edros* 1997 2 SA 690 (C); *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund* 1999 4 SA 1319 (SCA) en *Mthembu v Letsela and Another* 2000 3 SA 867 (SCA).

6 Alle verwysings na persone sluit beide geslagte in, en alle verwysings na hy/hom sluit sy/haar in, behalwe waar dit uit die samehang anders blyk.

toesien dat sy/haar boedelbeplanning binne die grense van die *Grondwet* geskied.

Die doel van hierdie skripsie is om te bepaal of die verskillende huwelikstelsels in Suid-Afrika binne die Grondwetlike bestel 'n invloed op boedelbeplanning uitoefen.

In hierdie skripsie word die vorme van huweliksluiting, status van die partye en die vermoënsregtelike gevolge van die Moslem, Hindoe, Afrika gewoontereg en gemeenregtelike huwelike met mekaar vergelyk ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom.

## 2. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 maak voorsiening vir die erkenning van die gewoontereg en die godsdiensgebaseerde regstelsels.

In artikel 2 word bepaal dat die Grondwet die hoogste reg van die land is en dat enige regsvoorskrif of optrede wat daarmee onbestaanbaar is, ongeldig is. Vervolgens moet enige wetgewing wat erkenning verleen aan godsdiensgebaseerde regstelsels of die gewoontereg in ooreenstemming wees met die Grondwet.

Artikel 7(2) vereis van die Staat om die regte in die Handves van Regte te eerbiedig, beskerm, bevorder en te verwesenlik. Artikel 8(2) maak voorsiening vir die horisontale toepassing van die Grondwet deur te bepaal dat 'n bepaling in die Handves van Regte natuurlike en regspersone bind indien, en in die mate waarin dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg. Alhoewel die howe huiwerig is om in te meng met die gewoontereg en godsdiensgebaseerde regstelsels, het die howe wel die bevoegdheid om dit te doen in terme van die Grondwet.

Artikel 9 bevat die gelykheidsbeginsel en hiervolgens mag daar nie teen mense gediskrimineer word nie op grond van onder meer ras, geslag, godsdiens, kultuur.

Daar word in artikel 15(3) bepaal dat wetgewing nie belet word wat erkenning verleen aan huwelike wat kragtens enige tradisie of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg aangegaan is nie. Dit is dus toelaatbaar dat wetgewing in die toekoms erkenning kan verleen aan die potensieel poligamiese huwelike van Moslems en Hindoes.

Artikel 39(2) van die *Grondwet* bepaal dat

> Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is.

Dit behoort met artikels 8(2) en 8(3) van die *Grondwet* saamgelees te word. Artikel 8(3)(a) bepaal dat

> By die toepassing van 'n bepaling van die Handves van Regte op 'n natuurlike of regspersoon ingevolge subartikel (2) -
> (a) moet 'n hof, ten einde gevolg te gee aan 'n reg in die Handves, die gemenereg toepas, of indien nodig ontwikkel, in die mate waarin wetgewing nie aan daardie reg gevolg gee nie.

Hierdie bepalings gee aan die howe die bevoegdheid om die gemenereg aan te pas om erkenning aan onder andere Moslem huwelike te gee.[7] Die bevoegdheid van die howe behoort nie in 'n beperkende wyse uitgelê te word nie, maar in so 'n wyse dat die gemenereg aangepas kan word. Indien dit egter nie in gedagte gehou word nie dat die veranderinge ook deur die Moslem, ~~Hindoe of~~ gewoonteregtelike gemeenskap aanvaar moet word, sal die aanpassing blote papierreg wees.[8] In *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund*[9] het Chaskalson P bevestig dat die howe nog altyd die inherente jurisdiksie gehad het "to develop the common law to meet the needs of a changing society".[10] In die lig hiervan behoort die howe 'n wye interpretasie aan artikels 8(2), 8(3) en 39(2) te gee ten einde die gees, strekking en oogmerke van die Handves te bevorder. Die hof het *in casu* erkenning verleen aan Moslem huwelike vir doeleindes van die onderhoudsplig.[11] Die appellant *in casu* het aansoek gedoen om appèl teen 'n beslissing van die Durbanse Hoë Hof[12], maar die appèl was

---

7 Rautenbach C en Du Plessis W "The Extension of the Dependant's Action for Loss of Support and the Recognition of Muslim Marriages: The Saga Continues" 2000 *THRHR* 310; Freedman W "Islamic Marriages, the Duty of Support and the Application of the Bill of Rights" 1998 *THRHR* 534.

8 Hierdie kan een van die redes wees waarom die howe huiwerig is om in te meng met die gewoontereg en die godsdiensgebaseerde regstelsels en eerder die taak aan die wetgewer oorlaat.

9 1998 4 SA 753 (KH).

10 Par [22]. Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 311.

11 Van der Merwe P (red) "Law Commission Calls for Comment on Islamic Marriage Proposals" 2000 *De Rebus* 15.

12 *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1997 12 BCLR 1716 (D).

gerig tot die Konstitusionele Hof. Die Konstitusionele Hof het egter beslis dat die regsvraag in die saak[13] onder die jurisdiksie van die Hoogste Hof van Appèl val en die saak is daarheen verwys.[14] Dit dui op die huiwering van die howe om die Handves van Regte direk op privaat verhoudings van toepassing te maak.[15]

In *Ryland v Edros*[16] het die hof beslis dat sekere kontrakte of gewoontes wat voortspruit uit 'n huweliksverbintenis wat potensieel poligamies is, wel afdwingbaar kan wees.[17] Die hof het sy bevinding gebaseer op die waardes van gelykheid, die verdraagsaamheid ten aansien van verskeidenheid ("tolerance of diversity") en die erkenning van die meervoudige aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die *Grondwet*.[18] Farlam R het beslis dat

> the Constitution had introduced such a basic change in the values of South Africa that a contract based on an unrecognised Islamic marriage could no longer be considered invalid solely for "the reason that potentially polygamous marriages are not recognised in South African law".[19]

Gevolglik moes die openbare beleid wyk voor die gees, strekking en oogmerke van hoofstuk 3 van die *Grondwet*.[20]

Voor die inwerkingtreding van die *Wysigingswet op die Bewysreg* 45 van 1988, moes die gewoontereg in die Hooggeregshof as vreemde reg bewys word.[21]

---

13 *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1998 4 SA 753 (KH). Die vraag voor die Hof was of die gemenereg so ontwikkel moes word om 'n eis vir skadevergoeding weens die verlies van onderhoud toe te laat. Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 304.

14 *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1999 4 SA 1319 (SCA).

15 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 304.

16 1997 1 BCLR 77 (T); 1997 2 SA 690 (KH).

17 Freedman 1998 *THRHR* 533; Himonga C en Bosch C "The Application of African Customary Law under the Constitution of South Africa: Problems Solved or Just Beginning?" 2000 *South African Law Journal* 310-311. Dieselfde kan egter nie gesê word oor huweliksverbintenisse wat werklik poligamies is nie (in teenstelling met huwelike wat potensieel poligamies is). Jazbhay SA "Recent Constititutional Cases" 1997 *De Rebus* 115.

18 Freedman 1998 *THRHR* 533.

19 Bekker JC "Recognition of Customary Marriages Act: an Evaluation" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 49. Die hof het hom egter nie oor poligame huwelike uitgelaat nie.

20 Jazbhay 1997 *De Rebus* 114.

21 A 54A van die *Wet op Landdroshowe* 32 van 1944 het bepaal dat gewoontereg net toegepas kan word indien beide die partye swart Suid-Afrikaners is. Dit is egter herroep deur a 2 van die *Wysigingswet op Bewysreg* 45 van 1988. Lourens J "Inheemse Reg: Aard en Inhoud in

Tans is enige regsprekende amptenaar bevoeg om geregtelik kennis te neem van die gewoontereg vir sover dit geredelik en met voldoende sekerheid vasgestel kan word.[22] Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993 het nie direk vir die erkenning van gewoontereg voorsiening gemaak nie. Die tussentydse *Grondwet* het wel in artikel 181(1) bepaal dat 'n tradisionele owerheid wat volgens 'n stelsel van gewoontereg leef, erken word en in artikel 181(2) dat gewoontereg onderhewig is aan regulering van die reg. "Regulering van die reg" was egter nooit omskryf nie.

Artikel 211 is die belangrikste artikel wat betref die erkenning van die gewoontereg. Artikel 211(1) erken die "instelling, status en rol van tradisionele leierskap", terwyl artikel 211(3) bepaal dat die howe die gewoontereg moet toepas wanneer dit toepaslik is.[23] Artikels 30 en 31 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 moet met artikel 211 saamgelees word wat voorsiening daarvoor maak dat elkeen aan die kulturele lewe van sy keuse kan deelneem.

Die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 erken gewoonteregtelike huwelike. Dit spesifiseer sekere vereistes vir die geldigheid daarvan, maar die toets vir erkenning is ook of hulle geldig is ingevolge die inheemse reg.[24] Volgens die gewoontereg is 'n vrou nie bevoeg om intestaat te erf nie.[25] In *Mthembu v Letsela*[26] het die applikant ('n moeder van 'n dogtertjie gebore uit 'n gewoonteregtelike verbinding) die konstitusionaliteit van hierdie reël en artikel 23 van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 wat die Staatspresident magtig om regulasies uit te vaardig wat onder andere bepaal hoe

---

Terme van die Grondwet" 1994 *De Rebus* 856; De Koker JY "Die Bestaanbaarheid van *Lobolo* in die Nuwe Suid-Afrikaanse Regsbedeling" 1996 *TRW* 76.

22 A 1(1). De Koker 1996 *TRW* 76.

23 Vir meer inligting hieroor sien Himonga C en Bosch C "The Application of African Customary Law under the Constitution of South Africa: Problems Solved or Just Beginning?" 2000 *South African Law Journal* 312-318.

24 Die terme "gewoontereg" en "inheemse reg" het dieselfde betekenis alhoewel dit afwisselend gebruik word.

25 Vgl 4.2.1.1.

26 2000 3 SA 867 (SCA).

die boedels van Swartes beredder en verdeel moet word, bevraagteken.[27] Die Hof *in casu* het die Hof *a quo* bevestig deur te bepaal dat daar nie 'n geldige huwelik ontstaan het nie en dat Tembi (die dogter gebore uit die verbinding) buite-egtelik is. Alhoewel 'n gedeelte van die *lobolo* betaal is, het die dogter nie deel geword van haar pa se familie nie aangesien daar nie 'n geldige huwelik tot stand gekom het nie.[28] Die feit dat sy uitgesluit is as 'n erfgenaam het dus niks te doen met haar geslag nie, maar wel omdat sy buite-egtelik is. Die gewoonteregtelike vrou is dus steeds nie bevoeg om intestaat te erf nie.

Daar bestaan teenstrydige standpunte in die Suid-Afrikaanse reg oor die horisontale toepassing van die Handves van Regte op privaatverhoudings.[29] Hierdie teenstrydigheid is grootliks te danke aan die bewoording van artikel 8 van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 waarin bepaal word dat die Handves van Regte van toepassing is op "alle reg". Die woorde "alle reg" is al uitgelê om die gemenereg, wetgewing en die gewoontereg in te sluit.[30] In *Du Plessis v De Klerk*[31] is beslis dat alhoewel die Handves van Regte nie direk op privaatverhoudings van toepassing is nie, dit wel indirekte horisontale toepassing verkry deur artikel 35(3) van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

Daar word vervolgens na die vorme van huweliksluiting en die gevolge van die godsdiensgebaseerde regstelsels gekyk.

---

27 Vir 'n opsomming van die feite van hierdie saak sien *Mthembu v Letsela* 2000 3 SA 867 (SCA) par [2-7].

28 Rautenbach C *The Legal Position of South African Women Under the Law of Succession* (LL D-proefskrif PU vir CHO 2001) 470-471.

29 Sien Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 427; Van der Schyff A *Die Invloed van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 op Poligamie in die Tradisionele en Religieuse Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* (LL M-verhandeling PU vir CHO 1999) 14-18.

30 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 407; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 14.

31 1996 5 BCLR 658 (KH). Die uitspraak is gelewer voor die inwerkingtreding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.

## 3. Godsdiensgebaseerde Regstelsels

### *3.1 Moslem Huwelike*[32]

Volgens die Moslem geloof word huwelike[33] aangemoedig aangesien die familie die kern is van die samelewing.[34] Die Islam huwelik word deur die Suid-Afrikaanse howe en die Moslems as 'n kontrak beskou.[35] Daar is egter skrywers[36] wat aandui dat die Islam huwelik van 'n kontrak verskil aangesien 'n huwelik 'n instelling is met reëls wat gereguleer word deur die *Shari'ah* terwyl 'n kontrak gereguleer word deur die kontraktereg. Enige persoon kan 'n party tot 'n siviele kontrak wees terwyl dit slegs Moslems is wat 'n Moslem huwelik mag sluit. Die regte en verpligtinge voortspruitend uit 'n kontrak word gereël deur die reg van 'n sekere land, terwyl die verpligtinge van 'n Moslem huwelik in terme van die *Shari'ah* bepaal word.[37]

Weens die poligame aard van Moslem huwelike, het die howe aanvanklik geweier om hierdie huwelike te erken aangesien dit teen die staatsgedraglyn

---

32 Die huweliksreg van die Islam word deur die leerstellinge in die *Koran* voorgeskryf. Robinson JA en Human S *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* (Robé Drukkers Potchefstroom 2001) 17; Hodkinson K *Muslim Family Law: A Sourcebook* (Croom Helm Londen 1984) 3.

33 Bekend as *nikah.*

34 Hodkinson *Muslim Family Law* 89; Doi A en Rahman I *Shariah: The Islamic Law* (Ta-Ha Londen 1984) 115; Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 308.

35 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 305 en 308; Hodkinson *Muslim Family Law* 89-90; Moors A *Women, Property and Islam* (Cambridge University Press Londen 1995) 84-85; El Alami DS en Hinchcliffe D *Islamic Marriages and Divorce Laws of the Arab World* (Kluwer Law International Londen 1996) 5; Schacht J *An Introduction to Islamic Law* (Clarendon Press Oxford 1964) 161; Subba Rao GCV *Family Law in India* 7e Uitg (Law Publishers Allahabad 1995) 407.

36 Hodkinson *Muslim Family Law* 90-91.

37 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 308.

was.[38] Indien die Moslems volgens die Islamreg én die Suid-Afrikaanse reg getroud is, sal die huwelik volgens die Suid-Afrikaanse reg erken word.[39]

### *3.1.1 Vorme van Huweliksluiting*

Die meeste moderne juriste aanvaar dat daar tussen drie vorme van huweliksluiting onderskei kan word:[40]

i) *Sahih*-huwelik

Hierdie huweliksvorm word deur die Moslems as geldig en afdwingbaar beskou.[41] Die vrou is geregtig op 'n bruidskat en om deur haar man onderhou te word.[42]

ii) *Batil*-huwelik

Geen regte of verpligtinge ontstaan uit hierdie nietige *batil*-huwelik nie.[43] Voorbeelde van 'n *batil*-huwelik is huwelike aangegaan tussen bloedverwante, huwelike tussen persone van verskillende gelowe, ensovoorts.[44]

---

38 Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 18; Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 302; Kaganas F en Murray C "Law, Women and the Family: the Question of Polygyny in a New South Africa" 1991 *Acta Juridica* 124; Joubert A-M *Estate Planning for Today's Woman* (LL M-skripsie PU vir CHO 1998) 13; *Seedat's Executors v The Master* 1917 AD 302; *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 A op 1024H. Die huwelike is wel erken in die geval van insolvensie, belasting en aangeleenthede waar die staat 'n profyt kan maak - Moosa N "Muslim Personal Law – to be or not to be?" 1995 *Stell LR* 419-420; Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 309.

39 Andersins sal dit as ongeldig beskou word. Moosa 1995 *Stell LR* 420-422; Dangor SE "The Muslim of South Africa: Problems and Concerns of a Minority Community" 1994 *Al-Ilm* 122. Sien par 2 hierbo.

40 Pearl D *A Textbook on Muslim Law* (Croom Helm Londen 1979) 46. Die *mut'ah* huwelik, wat net vir 'n sekere tydperk aangegaan word, word nie deur alle skole van die Islamreg erken nie. Pruthi R en Sharma BR *Islam and Women* (Anmol Publications New Delhi 1995) 105; Schacht *Islam Law* 163.

41 Hodkinson *Muslim Family Law* 113; Pearl *Muslim Law* 46; Dupret B ea *Legal Pluralism in the Arab World* (Kluwer Law International Den Haag 1999) 52; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 10; Subba Rao *Family Law* 408, 411.

42 Pearl *Muslim Law* 46; Hodkinson *Muslim Family Law* 134.

43 Hodkinson *Muslim Family Law* 113; Sattar A *Obiadul Huq Chowdhury's Handbook of Muslim Family Laws* 5e Uitg (Dhaka Law Reports Dhaka 1997) 127; Pearl *Muslim Law* 46; Dupret *Legal Pluralism* 52; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 10; Subba Rao *Family Law* 411.

44 Pearl *Muslim Law* 46-51; Hodkinson *Muslim Family Law* 113.

iii) *Fasid*-huwelik

Die *fasid*-huwelik is nes die *batil*-huwelik ongeldig, alhoewel die onreëlmatigheid wat in hierdie huwelik bestaan, net tydelik is.[45] Voorbeelde van hierdie huwelike is dié waar getuies nie teenwoordig was met die sluit van die huwelik nie of waar 'n vrou se wagtydperk na haar skeiding van haar vorige man nog nie voltooi is nie.[46]

iv) Poligame huwelike

Moslem huwelike is potensieel poligamies.[47] Tradisioneel word die Islamreg daardeur gekenmerk dat dit poliginie[48] toelaat maar poliandrie[49] verbied.[50] Poligame huwelike is deur die Suid-Afrikaanse howe geag om teen die openbare beleid te wees.[51] In die Islamreg is monogamie die ideaal en poligamie die uitsondering.[52] Die man word slegs in bepaalde gevalle toegelaat om nog 'n vrou te neem as eggenoot,[53] en dan is die aantal vroue tot vier beperk.[54] Hierdie verbintenis moet lei tot gelykheid en geregtigheid vir al die

45 Sattar *Muslim Family Laws* 127; Hodkinson *Muslim Family Law* 113; Pearl *Muslim Law* 46; Dupret *Legal Pluralism* 126; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 10-11; Subba Rao *Family Law* 411.

46 Die partye kan dus uitmekaar gaan, die tydelike onreëlmatigheid verwyder en dan 'n geldige *sahih*-huwelik sluit. Pearl *Muslim Law* 46-55, Doi en Rahman *Shariah* 125; Hodkinson *Muslim Family Law* 113.

47 Kaganas en Murray 1991 *Acta Juridica* 116.

48 Poliginie is die geval waar 'n man met meer as een vrou in die huwelik mag tree. Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17 vn 51; Khan MS *Status of Women in Islam* (APH Publishing Corporation New Delhi 1996) 55.

49 Poliandrie is die geval waar 'n vrou met meer as een man in die huwelik mag tree. Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17 vn 51; Hodkinson *Muslim Family Law* 95.

50 Mayer AE *Islam and Human Rights* 2e Uitg (Westview Press Londen 1995) 95. Dit is ontoelaatbaar vir die vrou om meer as een man te hê, en haar tweede huwelik sal as 'n *batil* beskou word. Pearl *Muslim Law* 49; Hodkinson *Muslim Family Law* 95.

51 Moosa VI *Submission to the Constitutional Assembly by the Muslim Assembly* (Ongepubliseerd) 21; Freedman 1998 *THRHR* 532; Costa 1994 *De Rebus* 914. Vgl egter 2.

52 Moosa *Submisson* 21; Kaganas en Murray 1991 *Acta Juridica* 133. Sien hieroor El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 3-4 waar aangedui word dat die *Koran* self poligamie verbied.

53 Indien sy eerste vrou steriel is, 'n slegte karakter het, die man nie met een vrou tevrede is nie, ensovoorts. Haq Nadvi SH "Islamic Legal Philosophy and the Qur'anic Origins of the Shari'a Law" 1989 *TRW* 109; Hodkinson *Muslim Family Law* 107; Sattar *Muslim Family Laws* 95; Cassim F "Understanding Women's Rights in Islam" 1999 *Codicillus* 3.

54 Hodkinson *Muslim Family Law* 9 en 95; Haq Nadvi *Shari'a Law* 108; Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17; Pearl *Muslim Law* 3; Khan *Women in Islam* 54; Pruthi en Sharma *Islam and Women* 105; Schacht *Islamic Law* 162; Mayer *Human Rights* 95; Cassim 1999 *Codicillus* 3. Volgens El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 10 en 16 mag die man bo en behalwe sy vier vrouens, enige aantal slavinne hê as byvrouens.

vroue en die man moet dus die finansiële hulpmiddele hê om sy vrouens te onderhou.[55]

Die Regskommissie[56] is tans besig met 'n ondersoek na die erkenning van Moslemhuwelike.[57]

### *3.1.2 Gevolge van Huweliksluiting*

#### 3.1.2.1 Status

Die vrou is volgens die Islamreg minderwaardig teenoor die man.[58] Rakende eise vir bloedgeld, getuienis en erfreg word die vrou geag die helfte van die man te wees,[59] maar by sakereg en verpligtinge word sy egter as die man se gelyke geag.[60] Die huweliksgoederebestel is meer tot die vrou se voordeel in die sin dat sy niks tot die huishouding hoef by te dra nie.[61] Die vrou se *persona* en haar boedel is onderhewig aan die beheer van haar man en sy kan deur haar man gedissiplineer word.[62] Daar is skrywers wat aandui dat die *Koran* die man en

---

55 Hodkinson *Muslim Family Law* 95; Haq Nadvi *Shari'a Law* 108-109; Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17; Sattar *Muslim Family Laws* 158; Pearl *Muslim Law* 3; Khan *Women in Islam* 54; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 16; Cassim 1999 *Codicillus* 3.

56 *Issue Paper 15: Islamic Marriages and Related Matters* (2000) http://www.law.wits.ac.za/salc/issue.html [23 April 2001].

57 Vgl 1.

58 Schacht *Islamic Law* 126. Vir meer inligting hieroor sien Mayer *Human Rights* 79-92. Voogdyskap oor die kinders berus te alle tye by die vader, maar die moeder is verantwoordelik vir die sorg en grootmaak van die kinders in die eerste paar jare van die kinders se lewe. Pearl *Muslim Law* 83; Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17; Mayer *Human Rights* 95.

59 Schacht *Islamic Law* 126; Mayer *Human Rights* 95; Cassim 1999 *Codicillus* 6; Rautenbach C "The Right of Women to Inherit: A Constitutional Analysis of the Applicability of the Bill of Rights" in *Constitution and Law II* Toesprake gelewer by die tweede jaarkongres van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 30 Oktober 1998 Potchefstroom 33. 'n Moslem erflater mag net oor een derde van sy/haar boedel by wyse van 'n testament beskik. Die res van sy/haar boedel word intestaat vererf. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 34. Vgl 5 hieronder. Vir 'n volledige uiteensetting oor die erfreg van die Moslems, sien Pearl *Muslim Law* 114-157; Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 34-78.

60 Schacht *Islamic Law* 126-127.

61 Doi en Rahman *Shariah* 117.

62 Pearl *Muslim Law* 57; Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 17; Schacht *Islamic Law* 166; Mayer *Human Rights* 95; Tancred E-M "Vroue Agter die Sluier" 1998 *Rooi Rose* 01 April 27.

vrou gelyk verklaar en dat enige gedrag of handelinge wat die vrou onderdruk, afgekeur word.[63]

3.1.2.2 Vermoënsregtelik

Alle huwelike in die Islamreg word buite gemeenskap van goedere gesluit.[64] Die vrou is geregtig op eiendom alhoewel die man beheer het oor hierdie eiendom.[65] Die vrou is geregtig op onderhoud[66] en 'n bruidskat deur haar man,[67] alhoewel hierdie bruidskat nie 'n voorvereiste tot die huwelik is nie.[68] Die bruidskat wat as *mahr* bekend staan,[69] behoort aan die vrou alleen en haar man[70] het geen seggenskap daaroor nie.[71] Die *Koran* skryf nie die omvang van die

---

63 In hierdie skripsie beteken buite gemeenskap van goed ook met uitsluiting van wins en verlies tensy anders aangedui. Net so beteken binne gemeenskap van goed ook in gemeenskap van wins en verlies tensy anders aangedui. Cassim 1999 *Codicillus* 2. Sien ook Nadvi SS "Muslim Women in Modern Society" 1993 *Al-Ilm* 84 waar verklaar word dat "a man will not be treated better simply because he is a man and a woman will not be treated contemptuously simply because she is a woman."

64 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 58. Partye kan dus van diefstal van mekaar se besittings aangekla word. Moosa *Submission* 21; Roodt C "Marriages under Islamic Law: Patrimonial Consequences and Financial Relief" 1995 *Codicillus* 51-52; Hodkinson *Muslim Family Law* 131; Moors *Women, Property and Islam* 86.

65 Sommige vrouens gee hierdie reg op eiendom aan die man in ruil daarvoor om vir haar familie te gaan kuier. Pearl *Muslim Law* 67.

66 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 308; Pearl *Muslim Law* 57 en 64; Roodt 1995 *Codicillus* 52; Hodkinson *Muslim Family Law* 131; Moors *Women, Property and Islam* 85-86; Khan *Women in Islam* 34; Pruthi en Sharma *Islam and Women* 107; Cassim 1999 *Codicillus* 6. Die vrou is net geregtig op die onderhoud vir solank as wat sy haar aan haar man se beheer onderwerp. El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 19; Schacht *Islamic Law* 167; Mayer *Human Rights* 95. Die *Koran* skryf nie 'n bepaalde bedrag voor nie, maar die onderhoud kan bestaan uit voedsel, klere en behuising en neem voorrang bo die plig van die man om sy kinders en ander familielede te onderhou. Khan *Women in Islam* 34; Hodkinson *Muslim Family Law* 147; Sattar *Muslim Family Laws* 16 en 131; Moors *Women, Property and Islam* 86; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 20; Schacht *Islamic Law* 167.

67 Pearl *Muslim Law* 57 en 64; Roodt 1995 *Codicillus* 52; Hodkinson *Muslim Family Law* 132; Sattar *Muslim Family Laws* 13; Moors *Women, Property and Islam* 85; Dupret *Legal Pluralism* 193 en 194; Khan *Women in Islam* 40; Pruthi en Sharma *Islam and Women* 107; El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages* 19; Schacht *Islamic Law* 161 en 167; Nadvi 1993 *Al-Ilm* 86; Cassim 1999 *Codicillus* 6; Subba Rao *Family Law* 408.

68 Pearl *Muslim Law* 57; Hodkinson *Muslim Family Law* 132.

69 Daar moet onderskei word tussen die stiptelike of onmiddellike en die uitgestelde *mahr*. Eersgenoemde word aan die bruid gegee met die aangaan van die huwelik terwyl laasgenoemde aan haar gegee word met die ontbinding van die huwelik. Pearl *Muslim Law* 60; Moors *Women, Property and Islam* 148-149.

70 Ook nie haar pa of enige ander gesinslede het seggenskap daaroor nie. Khan *Women in Islam* 40.

71 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 64; Moors *Women, Property and Islam* 85-86; Khan *Women in Islam* 40; Schacht *Islamic Law* 161; Cassim 1999 *Codicillus* 6. Die man is egter geregtig om die helfte van die *mahr* terug te neem indien die man en vrou skei

*mahr* voor nie, maar dit word onder andere bepaal deur die status van die vrou se familie, haar opvoedkundige kwalifikasies en die sosiale status van haar man.[72]

op versoek van die vrou. Dit staan bekend as *Khul*. Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 64.

72 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 64; Pearl *Muslim Law* 61; Khan *Women in Islam* 40-41; Nadvi 1993 *Al-Ilm* 86.

### *3.2 Hindoe Huwelike*

Die huwelik word volgens die Hindoes as 'n religieuse instelling beskou en dit is een van die reinigingsakramente wat in die Hindoereg bestaan.[73] Die huwelik is die enigste sakrament wat verpligtend is vir vrouens.[74]

#### *3.2.1 Vorme van Huweliksluiting*

Die belang van die vorme van huweliksluiting is duidelik by die antieke erfreg.[75] Die vrou wat 'n *ursh*-huwelik sluit se eiendom gaan by haar afsterwe oor op haar pa en nie haar man nie, terwyl die vrou wat 'n *bruhm*-huwelik sluit se eiendom by haar afsterwe op haar man oorgaan.[76] Die *Hindu Erfopvolgingswet* 30 van 1956 maak egter nie voorsiening vir hierdie onderskeid nie.[77] Daar is agt vorme van huweliksluiting, waarvan net vier erken word.[78]

##### 3.2.1.1 *Bruhm*-huwelik

Die huwelik word alleen deur die vader namens sy dogter gesluit. Die dogter word versier met ornamente en juwele.[79] Hierdie is die enigste huweliksvorm wat vandag deur die hoër *castes* beoefen word.[80]

---

73 Sitaram R "Some Aspects of Hindu Personal Law" 1989 *Nidan* 31; Diwan P *Family Law* (Allahabad Law Agency Faridabad 1998) 23; Chetty T *The Traditional Hindu Family in South Africa and the Role of the Social Worker* (MA skripsie Universiteit van Port Elizabeth 1988) 36; Subba Rao *Family Law* 110; Kesari UPD *Modern Hindu Law* 2e Uitg (Central Law Publications Allahabad 1998) 29.

74 Sitaram 1989 *Nidan* 32; Chetty *Hindu Family* 47.

75 Sien egter ook Mayne *Hindu Law and Usage* 98-101.

76 Subba Rao *Family Law* 138-139; Kesari *Hindu Law* 31. Sien 3.2.2.1 en 3.2.2.2 hieronder.

77 Subba Rao *Family Law* 139.

78 Die ander vorme is die *Gandharvu*, die *Usoor*, die *Rakshus*, en die *Pysach*. Chetty *Hindu Family* 40; Steele A *The Hindu Castes, Their Law, Religion and Customs* (Miltal Publications Delhi 1986) 24 en 159; Sitaram 1989 *Nidan* 32; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 76; Subba Rao *Family Law* 136; Kesari *Hindu Law* 31; Mayne JD *Mayne on Hindu Law and Usage* 8e Uitg (Higginbothams Madras 1914) 94.

79 Steele *Hindu Castes* 24 en 159; Jhabvala NH *Principles of Hindu Law* (C Jamnadas & Co. Mumbai 1998) 137; Mishra S *Ancient Hindu Marriage Law and Practice* (Deep & Deep Publications New Delhi 1994) 70; Chetty *Hindu Family* 40; Subba Rao *Family Law* 136; Kesari *Hindu Law* 32; Mayne *Hindu Law and Usage* 94.

80 Steele *Hindu Castes* 159.

3.2.1.2 *Ursh*-huwelik

Die dogter word gegee in ruil vir 'n bul en 'n koei.[81] Die oorhandiging van die bul en die koei dien as deel van die godsdienstige pligte.[82]

3.2.1.3 *Prajaputyn*-huwelik

Die dogter word oorhandig met die doel om kinders voort te bring.[83]

3.2.1.4 *Dyv*-huwelik

Die man tree op as 'n priester en die bruid word oorhandig as betaling daarvoor.[84]

3.2.1.5 Poligamie

Vanweë die poligame aard van die Hindoe huwelik, is daar nie in die Suid-Afrikaanse reg erkenning aan hierdie huwelike gegee nie.[85] Indien die partye egter die huwelik deur 'n huweliksbeampte laat voltrek volgens artikel 3 van die *Wet op Huwelike* 25 van 1961, kom daar 'n geldige siviele huwelik tot stand.[86] Volgens die Antieke Hindoereg is dit toelaatbaar vir die man om met meer as een vrou te trou,[87] maar dit is noodsaaklik dat hy eers die toestemming van sy eerste vrou kry.[88] Die man is steeds verplig om sy eerste vrou te onderhou en haar goed te behandel tensy sy die huis verlaat as gevolg van die tweede

81 Ook bekend as *Arsha*. Jhabvala *Hindu Law* 138; Mishra *Marriage Law* 73; Steele *Hindu Castes* 24; Chetty *Hindu Family* 41; Kesari *Hindu Law* 32; Mayne *Hindu Law and Usage* 94.

82 Subba Rao *Family Law* 137.

83 Steele *Hindu Castes* 24; Jhabvala *Hindu Law* 138; Mishra *Marriage Law* 76.

84 Subba Rao *Family Law* 137; Kesari *Hindu Law* 32.

85 Costa 1994 *De Rebus* 914; Chetty *Hindu Family* 43; Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 70; *Ratanee v Maharaj* 1950 2 SA 538 (D); *S v Vengetsamy* 1972 4 SA 531 (D); *Ex Parte Soobiah: In Re Estate Pillay* 1948 1 SA 873 (N).

86 Costa 1994 *De Rebus* 914.

87 Mayne *Hindu Law and Usage* 111. Artikels 5 en 17 van die *Hindoe Huwelikswet* 25 van 1955 verbied egter poligame huwelike in Indië. Sitaram 1989 *Nidan* 33; Subba Rao *Family Law* 126; 127; Kesari *Hindu Law* 39.

88 Mayne *Hindu Law and Usage* 111. Sy eerste vrou is geregtig op die helfte van die waarde van die trougeskenk wat die man aan sy tweede vrou gee. Steele *Hindu Castes* 30; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 79.

huwelik.[89] Die tweede vrou sal die eerste vrou slegs in rangorde vervang indien die eerste vrou onder meer onvrugbaar is, net dogters voortbring, sieklik of spandabelrig is.[90] Die vrou is nie geregtig om met meer as een man te trou nie.[91]

### *3.2.2 Gevolge van Huweliksluiting*

#### 3.2.2.1 Status

Aanhangers van die Hindoe geloof leef volgens 'n stelsel van hiërargie bekend as *castes*.[92] Volgens die antieke reg van hierdie stelsel mag een persoon behorende tot een klas of *caste* nie met 'n persoon behorende tot 'n ander klas of *caste* trou nie.[93] Die vrou wat getroud is volgens die Hindoe geloof word nooit volkome meerderjarig nie: haar pa beskerm haar gedurende haar kinderjare, sy val onder die voogdyskap van haar man sodra sy trou en ná sy dood onder die voogdy van haar oudste seun.[94] Haar posisie is dus gelyk aan dié van 'n minderjarige. Sy neem die status van haar man aan en sy moet bly waar hy wil.[95] Volgens die Antieke Hindoe geloof is die vrou nie geregtig om te erf nie tensy sy uitdruklik as 'n erfgenaam genoem word.[96] Die vrou is nie geregtig om intestaat te erf nie, maar ná haar man se dood mag sy 'n eis instel teen sy boedel vir onderhoud.[97] Die vrou kan nie gedagvaar word sonder die bystand van haar man nie en die partye kan nie teen mekaar getuig nie.[98] Die man mag sy vrou straf, maar die straf moet in ooreenstemming wees met die aard van haar

---

89 Steele *Hindu Castes* 30.

90 Steele *Hindu Castes* 30 en 168; Diwan *Family Law* 23; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 79.

91 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 80.

92 Subba Rao *Family Law* 122.

93 Subba Rao *Family Law* 122; Kesari *Hindu Law* 34. Daar bestaan vandag onsekerheid of dit steeds die geval is. Subba Rao *Family Law* 122-124.

94 Mishra *Marriage Law* 61; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 76; Sitaram 1989 *Nidan* 32; Kesari *Hindu Law* 35; Mayne *Hindu Law and Usage* 120.

95 Steele *Hindu Castes* 170; Diwan *Family Law* 68; Sitaram 1989 *Nidan* 32-33.

96 Sitaram 1989 *Nidan* 30. Die *Hindoe Erfopvolgingswet* 30 van 1956 maak nou voorsiening vir diē vrou om te kan erf. Kesari *Hindu Law* 219. Vir 'n volledige uiteensetting van die Hindoe erfopvolging sien Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 79-105.

97 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 77-78; Sitaram 1989 *Nidan* 33.

98 Steele *Hindu Castes* 171.

misdryf.[99] Die vrou mag geen skulde aangaan sonder die toestemming van haar man nie.[100]

### 3.2.2.2 Vermoënsregtelik

Die begrip binne of buite gemeenskap van goed is nie aan die Hindoereg bekend nie. Die man is regtens verplig om sy vrou/vrouens en kinders te onderhou.[101] Geskenke speel 'n groot rol in die Hindoereg en geskenke *inter vivos* is toelaatbaar.[102] Die vrou behou alleenreg oor geskenke deur haar man aan haar gegee, terwyl die man alleenreg het oor alle geskenke aan hom gegee met die huweliksluiting.[103] Eiendom word verdeel in twee groepe naamlik 'n sisteem van gemeenskaplike familie-eiendom en afsonderlike eiendom.[104] Die vroue-eiendom word verdeel in twee groepe, naamlik die *stridhana* en die beperkte vroulike boedel. Die *stridhana* bevat al die vrou se eiendom wat sy nie geërf het nie[105] en sy het onbeperkte testeervryheid ten opsigte van die eiendom. Die beperkte vroulike boedel bevat alle eiendom wat sy geërf het, maar sy beskik slegs oor 'n beperkte reg ten opsigte van hierdie eiendom – by haar dood gaan hierdie eiendom oor na die erfgename van die persone van wie sy dit geërf het.[106] 'n Hindoe huwelik bly geldig selfs indien die man nie 'n bruidskat betaal nie.[107]

Die Suid-Afrikaanse huwelikstelsels word vervolgens onder die soeklig geplaas.

---

99 Steele *Hindu Castes* 31.

100 Terwyl die vrou by haar ouers woon is haar pa verantwoordelik vir haar skulde. Steele *Hindu Castes* 31 en 171; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 77.

101 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 77. Die vrou is egter nie geregtig op onderhoud indien sy by haar pa bly teen haar man se wil nie. Sitaram 1989 *Nidan* 33.

102 Diwan *Family Law* 479. Sien in hierdie verband ook Jhabvala *Hindu Law* 97-101.

103 Steele *Hindu Castes* 29.

104 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 78. Die vrou kan logieserwys nie in beheer wees van die gemeenskaplike familie-eiendom nie. Diwan *Family Law* 347; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 78.

105 Byvoorbeeld geskenke aan haar gegee met die huweliksluiting. Steele *Hindu Castes* 29.

106 Diwan *Family Law* 404; Jhabvala *Hindu Law* 89. Volgens die *Hindoe Erfopvolgingswet* 30 van 1956 is die *stridhana* afgeskaf en Sitaram dui aan dat hierdie Wet ook in Suid-Afrika geldig is. Sitaram 1989 *Nidan* 30.

107 Steele *Hindu Castes* 165.

## 4. Suid-Afrikaanse Reg

### *4.1 Afrika Gewoontereg*

Voor die kolonisasie van Suidelike Afrika het die Swart volkere van dié streek ooreenkomstig hul eie regstelsel geleef – 'n stelsel van ongeskrewe wette wat op ou gebruike gebaseer was, hierna die gewoontereg genoem.[108] Na kolonisasie was daar 'n onderskeid getref tussen huwelike van Swartes en huwelike van Europeërs wat deur die gemenereg gereël is.[109] 'n Gewoonteregtelike huwelik kan volgens Dlamini[110] omskryf word as

> A marriage concluded in accordance with customary law and customary law is simply defined as the customs and usages traditionally observed among the culture of those people.

#### *4.1.1 Vorme van Huweliksluiting*

'n Persoon het die reg om te kies of hy 'n gebruiklike verbinding of 'n siviele huwelik wil sluit.[111] 'n Gebruiklike huwelik mag volgens artikel 10(1) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 in 'n

108 Die gewoontereg of inheemse reg kan volgens Du Plessis W "Afrika en Rome: Regsgeskiedenis by die Kruispad" 1992 *De Jure* 290 gedefinieer word as daardie gebruike of reëls wat as deel van 'n betrokke stam in Afrika se kultuurbesit bly voortbestaan het, en wat aangevul of gewysig is deur veranderende gemeenskapsopvattings en die eise van die tyd. Vir 'n deeglike uiteensetting van die posisie voor die inwerkingtreding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 sien Himonga en Bosch 2000 *South African Law Journal* 306-312.

109 Suid-Afrika (Republiek) *Huwelike en Gebruiklike Verbindings van Swart Persone* 51 SARK 10/1986 9; Suid-Afrika (Republiek) *The Harmonisation of the Common Law and the Indigenous Law* 74 SARK 01/1998 3; Murray C en Kaganas F "Law and Women's Rights in South Africa: An Overview" in Murray C (red) *Gender and the New South African Legal Order* (Juta Kaapstad 1994) 16-17.

110 Dlamini CRM "The Ultimate Recognition of the Customary Marriage in South Africa" 1999 *Obiter* 15.

111 Olivier NJJ ea *Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* (Butterworths Durban 1989) 8; Bekker JC en Coertze JJJ *Seymour's Customary Law in Southern Africa* (Juta Kaapstad 1982) 47; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 32; Van Zijl GJ *Die Invloed van die Swart Gewoontereg op Boedelbeplanning, Boedelbereddering en Erfopvolging in Suid-Afrika* (LL M-skripsie PU vir CHO 1999) 12; Bennett TW *A Sourcebook of African Customary Law for Southern Africa* (Juta Kaapstad 1991) 426; Joubert *Estate Planning* 14. Vanweë die omvang van hierdie skripsie word daar slegs na die gebruiklike verbinding gekyk. Vir meer inligting oor die siviele huwelik, sien Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 222-268; Bekker en Coertze *Customary Law* 248-249; Bekker JC *Marriage, Money, Property and the Law* (Butterworths Durban 1983) 11-22; Dlamini 1999 *Obiter* 17.

gemeenregtelike huwelik omskep word, maar 'n persoon mag nie deel wees van 'n gebruiklike en gemeenregtelike huwelik op dieselfde tyd nie.[112] Die gebruiklike verbinding kan beskryf word as die samelewe van 'n man en 'n vrou in 'n egtelike verhouding ooreenkomstig Swart reg en gebruik, waar nóg die man nóg die vrou 'n party is by 'n bestaande siviele huwelik.[113] Indien die partye trou volgens die gewoontereg is die huwelik potensieel poligamies.[114] Die man mag met soveel vrouens trou as wat hy kan bekostig om trougoed voor te betaal en te onderhou.[115] Daar kan tussen die volgende soorte poligame verbindings onderskei word:

#### 4.1.1.1 Enkelvoudige Poligamie

Die vrou waarmee die familiehoof eerste getrou het, word as die hoofvrou beskou. Die daaropvolgende vrouens is aan haar ondergeskik ooreenkomstig 'n sekere rangorde tot mekaar.[116]

#### 4.1.1.2 Meervoudige Poligamie

By die Nguni-stam byvoorbeeld, word die kraal in twee (soms drie) afdelings verdeel. Die hoofhuis vorm die een afdeling en die ander afdeling is die regterhandse huis, waarvan die tweede vrou die senior vrou is. Die derde vrou

---

112 A 3(2) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998; Dlamini 1999 *Obiter* 29. Daar kan gevra word of die feit dat die Wet dit toelaat dat 'n gebruiklike huwelik in 'n siviele huwelik omskep mag word, maar nie omgekeerd nie, nie weereens tot gevolg het dat 'n gebruiklike huwelik as minderwaardig teenoor die gemeenregtelike huwelik beskou kan word nie. Dlamini 1999 *Obiter* 19.

113 SARK 10/1986 24; Seymour SM *Native Law in South Africa* 2e Uitg (Juta Kaapstad 1960) xiii; Costa 1994 *De Rebus* 915.

114 Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 9; SARK 10/1986 8; Bennett *African Customary Law* 224; Bekker en Coertze *Customary Law* 126; Kaganas en Murray 1991 *Acta Juridica* 116; Vorster LP "Substitusie in die Inheemse Reg" 1993 *TSAR* 553; Bekker JC "Requirements for Validity of Customary Marriages" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 41; Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 49.

115 SARK 10/1986 35; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 34; Bekker en Coertze *Customary Law* 126.

116 Bekker en Coertze *Customary Law* 126; SARK 10/1986 35; Bennett *African Customary Law* 226-227. Hierdie vorm van poligamie word hoofsaaklik deur die Tsonga- en Tswana stamme toegepas. Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 41.

is die stut van die hoofvrou en die vierde vrou is die stut van die regterhandse huis.[117]

Vanweë die poligamiese aard van gewoonteregtelike huwelike, is hierdie huwelike tot onlangs nie erken in die Suid-Afrikaanse reg nie.[118] Die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 maak egter nou voorsiening vir die erkenning van gebruiklike verbindings en vir gelyke status en bevoegdhede van gades in hierdie verbindings.[119] Artikel 2(1) bepaal dat huwelike kragtens die gewoontereg gesluit voor die inwerkingtreding van die Wet vir alle doeleindes as 'n huwelik erken word, terwyl artikels 2(3) en 2(4) poligamie erken en bepaal dat hierdie verbindings as huwelike beskou word.[120]

### *4.2.1 Gevolge van Huweliksluiting*

#### 4.2.1.1 Status

Volgens die gewoontereg word die voogdy oor die vrou wat voorheen deur haar vader uitgeoefen is, aan haar man oorgedra.[121] Die man se posisie is soortgelyk aan dié van die *paterfamilias* in die Romeinse reg.[122] Die Westerse siening dat die vrou se status gelyk is aan dié van 'n minderjarige, was in artikel 11(3) van

117 Bekker en Coertze *Customary Law* 127; SARK 10/1986 35; Bennett *African Customary Law* 227; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 41-42; Suid-Afrika (Republiek) *Gewoontereg: Erfreg* 90 SARK 93/2000 21. By die Zulus kan die man self besluit by watter huise die ander vrouens geaffilieer moet word - daar word voorsiening gemaak vir 'n hoofvrou, linkerhandse en regterhandse vrou.

118 SARK 10/1986 61; Bennett *African Customary Law* 172; SARK 01/1998 20; Simons HJ *African Women: Their Legal Status in South Africa* (Hurst Londen 1968) 78. Dit was egter nie die geval in KwaZulu Natal nie waar daar wel erkenning verleen is aan gebruiklike huwelike. Dlamini 1999 *Obiter* 15.

119 A 6.

120 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 48-49; Dlamini 1999 *Obiter* 15; Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 43.

121 SARK 10/1986 25; Bennett *African Customary Law* 228 en 317; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 8; Murray en Kaganas *Women's Rights* 17; Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 37; Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelberedderíng en Erfopvolging* 9; Vorster 1993 *TSAR* 553; Joubert *Estate Planning* 14; Bekker *Marriage, Money, Property and the Law* 22; Dlamini 1999 *Obiter* 34. Dit was egter nie net die vrou wat onder die voogdy van haar man geval het nie, maar alle ingesetenes van die kraal/familie was onder die gesag van die mees senior persoon, die kraalhoof/familiehoof.

122 Met die uitsondering dat hy nie oor die *ius vitae necisque* (die reg oor lewe en dood) beskik nie. Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 137.

die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 opgeneem.[123] Hierdie bepalings is herroep deur die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998.[124] Artikel 6 van die Wet bepaal dat die vrou volle status en bevoegdhede het met inbegrip van die bevoegdheid om bates te bekom en van die hand te sit, om kontrakte te sluit en te litigeer, asook enige regte en bevoegdhede wat sy kragtens die gewoontereg mag hê. Die man en vrou getroud volgens 'n gebruiklike huwelik het nou dieselfde status.[125] 'n Gebruiklike huwelik het nie slegs die verbinding van man en vrou tot gevolg nie, maar ook die samesmelting van twee (of meer) families. Elke persoon in die familie het 'n sekere status en funksie.[126]

4.2.1.2 Vermoënsregtelik

Volgens artikel 7 van die Wet bly die vermoënsregtelike gevolge van 'n gebruiklike huwelik wat voor die inwerkingtreding van die Wet gesluit is, onderhewig aan die gewoontereg.[127] Dit impliseer onder meer dat die man aan die vrou se vader/voog 'n bruidskat moet gee wat onder meer bekend staan as *lobolo, bogadi* en *bohali.*[128] Die *Wysigingswet op die Bewysreg* 45 van 1988 bepaal dat geen hof die bevoegdheid het om te bepaal dat *lobolo, bogadi* of enige derglike gebruik, strydig is met die beginsels van staatsgedragslyn en natuurlike geregtigheid nie.[129] Die bruidskat bestaan gewoonlik uit beeste, maar dit kan ook uit geld bestaan.[130] Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die doel van die bruidskat nie,[131] maar dit dien gewoonlik as 'n vergoeding aan die vader

123 Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 49.
124 Bekker en Coertze *Customary Law* 141.
125 Dlamini 1999 *Obiter* 34.
126 Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 41.
127 Dlamini 1999 *Obiter* 35.
128 Die howe het aanvanklik geweier om erkenning te verleen aan *lobolo*-kontrakte aangesien "the customary marriage, not having been celebrated before a marriage officer, and being dissoluble extra-judicially, was not recognised by the law of the Colony as a marriage, but was merely an illicit relationship, any contract made in pursuance or in consideration of or any right based on, such a relationship was unenforcable." Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 48.
129 De Koker 1996 *TRW* 76.
130 A 1(v) van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998; Bennett *African Customary Law* 195; Bekker en Coertze *Customary Law* 108; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 67; De Koker 1996 *TRW* 80; SARK 01/1998 36-40; Vorster 1993 *TSAR* 553; Bekker *Marriage, Money, Property and the Law* 5; Simons *African Women* 87.
131 Bennett *African Customary Law* 199.

vir die verlies van sy dogter of as 'n bewys van die waarde van die vrou.[132] Daar is gesag vir die standpunt dat die huwelik nie volvoer is voordat die *lobolo* nog nie betaal is nie.[133] Daar word vandag algemeen aanvaar dat die *lobolo*-ooreenkoms nie 'n koopkontrak is nie.[134] 'n Gebruiklike huwelik, in teenstelling met die gemeenregtelike huwelik word nie deur die dood van een van die partye beëindig nie.[135] Die *lobolo* kan selfs na die dood van die vrou steeds betaal word.

Die gewoontereg ken nie die begrip binne en buite gemeenskap van goedere nie.[136] Ingevolge die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998, is gebruiklike huwelike wat na die inwerkingtreding van die Wet gesluit word, egter geag binne gemeenskap van goed en van wins en verlies te wees, tensy die partye tot die huwelik uitdruklik voor huweliksluiting dit by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak uitsluit.[137] Die gades is ook geregtig om hul bestaande huweliksgoederebedelings te verander ingevolge artikel 7(4).

Die man is verplig om volgens die gewoontereg die vrou/vrouens te onderhou en al die finansiële verpligtinge kom hom toe.[138] Eiendom word volgens die gewoontereg verdeel in huiseiendom, familie-eiendom (ook bekend as

---

132 Bennett *African Customary Law* 197-198; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 98-102; SARK 10/1986 15.

133 Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 48. Daar is egter ook gesag dat die *lobolo* selfs na huweliksluiting betaal kan word. Sien Bekker en Coertze *Customary Law* 108 vn 79; Dlamini 1999 *Obiter* 32; De Koker 1996 *TRW* 84.

134 De Koker 1996 *TRW* 81. Vanweë die omvang van die diskussie oor *lobolo* en die omvang van die skripsie word die aangeleentheid nie verder bespreek nie.

135 Bekker 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 49.

136 Bennett *African Customary Law* 230; SARK 10/1986 36. Die gebruiklike verbinding was nie binne of buite gemeenskap van goed nie, maar daar het 'n afsonderlike huis met 'n afsonderlike eiendom ontstaan. Dlamini 1999 *Obiter* 35. Indien 'n man/vrou getroud volgens die gewoontereg, 'n opvolgende siviele huwelik sluit moet daar onderskei word tussen die posisie voor en na 1988. Voor 1988 sou die opvolgende gemeenregtelike huwelik buite gemeenskap van goed wees en na 1988 is die aanwasbedeling op sodanige huwelike van toepassing as daar geen huweliksvoorwaardekontrak gesluit is nie. Vir meer inligting hieroor sien Bekker en Coertze *Customary Law* 248-249; Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelbereddering en Erfopvolging* 14; Bekker *Marriage, Money, Property and the Law* 11.

137 A 7(2). Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg* 19; Dlamini *1999 Obiter* 35.

138 Bekker en Coertze *Customary Law* 140; Bennett *African Customary Law* 228; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 138; SARK 10/1986 34.

kraaleiendom) en persoonlike eiendom.[139] Huiseiendom bestaan uit huweliksgeskenke aan die vrou/vrouens, bruidskat ontvang vir dogters van die huis, huishoudelike benodighede, eiendom wat deur die familiehoof aan 'n spesifieke huis gegee is, en eiendom wat deur 'n minderjarige van die huis verkry is.[140] Die huiseiendom word gebruik om die vrou en haar kinders te onderhou.[141] Die vrou is in beheer van die eiendom, onderworpe aan die beheer van haar man.[142] By die afsterwe van haar man gaan die beheer van die huiseiendom aan die oudste seun van die huis oor wat dan as bewaarder daarvan optree en nie eienaar nie.[143] Familie-eiendom bestaan uit eiendom of inkomste van die familiehoof, en enige ander eiendom wat nie huiseiendom is nie.[144] Die man is in beheer van die familie-eiendom en by sy afsterwe gaan die eiendom oor op die oudste manlike afstammeling van die oorledene.[145] Die kraalhoof het 'n wye diskresie in die gebruik van die kraaleiendom, maar hy kan aangespreek word as hy buite sy bevoegdhede optree.[146] Persoonlike eiendom bestaan uit persoonlike kledingstukke en versiersels en ander kleinere persoonlike besittings.[147] 'n Vrou het baie min regte met betrekking tot eiendom. Sy kan persoonlike goed besit soos kledingstukke, versiersels en huishoudelike benodighede.[148] Sy mag slegs geskenke hou wat sy deur haar man ontvang het – ander geskenke vorm deel van die familie-eiendom.[149] Sy mag nie

---

139 Bennett *African Customary Law* 229-242; Bekker en Coertze *Customary Law* 72; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 140; Vorster LP ea "Consequences of the Dissolution of Customary Marriages" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 64.

140 Bennett *African Customary Law* 232-237; Bekker en Coertze *Customary Law* 73-74; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 141-143; Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 64.

141 Die kraalhoof het die reg om oor die algemene kraaleiendom te beskik, op voorwaarde dat hy huiseiendom hoofsaaklik in belang van die betrokke huis moet aanwend en dat hy nie een huis ten koste van 'n ander mag verryk of bevoordeel nie.

142 Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 65.

143 Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 65.

144 Bennett *African Customary Law* 237-238; Bekker en Coertze *Customary Law* 72-73; Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 65.

145 Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 65.

146 Bekker en Coertze *Customary Law* 74-75; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 143-144.

147 Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 144-146; Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 64.

148 SARK 10/1986 37; Olivier *Privaatreg van die Bantoetaalsprekendes* 144; Bekker en Coertze *Customary Law* 141; Murray en Kaganas *Women's Rights* 17.

149 Bennett *African Customary Law* 232.

waardevolle besittings van haar man vervreem sonder sy toestemming nie. Indien sy wel het, sal so 'n ooreenkoms nietig wees.[150]

Volgens die gewoontereg is die vrou nie geregtig om intestaat te erf nie,[151] en die beginsel van eersgeboortereg geld, naamlik dat die oudste seun (of sy oudste manlike afstammeling) in die plek van die oorledene tree.[152] Dit is onseker of die vrou oor 'n eis vir onderhoud beskik.[153] Die vrou het ingevolge artikel 11(3)(b) van die *Swart Administrasiewet* 38 van 1927 nie beskik oor verskyningsbevoegdheid nie en haar man moes namens haar eise instel.[154] Artikel 11A is in 1984 bygevoeg om aan die vrou die bevoegdheid te verleen vir die verkryging en vervreemding van huurpag en eiendomsreg in hul eie name. Hierdie artikel was egter nie deur al die selfregerende gebiede aanvaar nie en was dus net gedeeltelik binne die grense van die huidige Suid-Afrika van toepassing.[155]

150 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 37; Vorster 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 65.

151 Van Heerden F "Die Intestate Erfopvolgingsreg van 'n Swart Vrou in 'n Gebruiklike Huwelik" 1998 *THRHR* 522; Joubert *Estate Planning* 9; Rautenbach "The Right of Women to Inherit:" 33. Vgl 2 hierbo. Sien ook SARK 93/2000.

152 Sien Vorster 1993 *TSAR* 552-560. By meervoudige poligamie by die Tswana erf die jongste seun egter die huisgoedere. Sien in hierdie verband ook die *Wysigingswetsontwerp op Gewoonteregtelike Intestate Erfreg* [W109-98].

153 Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* 39 en 52 vn 222. Die Hof het in sommige gevalle erkenning verleen aan die vrou se eis vir skadevergoeding weens die verlies aan onderhoud op grond van die onregmatige dood van haar man. Dlamini 1999 *Obiter* 18.

154 SARK 10/1986 41-42; Murray en Kaganas *Women's Rights* 17; Bekker en Coertze *Customary Law* 58.

155 Du Plessis W "Status of Black Women Regarding Land Transactions" 1996 17 (1) *Obiter* 131.

### *4.2 Gemeenregtelike Huwelike*

Die Suid-Afrikaanse familiereg is gebaseer op die Westerse konsep van die sentrale gesin en is gekarakteriseer deur 'n monogame verbintenis wat ontstaan uit vrywillige wilsooreenstemming.[156] Die gemeenregtelike huwelik het heelwat veranderinge ondergaan vanaf kolonisasie en republiekwording. 'n Gemeenregtelike huwelik moet voldoen aan die vereistes van die *Huwelikswet* 25 van 1961.[157]

#### *4.2.1 Vorme van Huweliksluiting*

Volgens die gemenereg van Suid-Afrika word daar slegs aan monogame huwelike erkenning verleen. In *Hyde v Hyde and Woodmanse*[158] is beslis dat

> marriages as understood in Christendom may ... be defined as a voluntary union for life of one man and one woman to the exclusion of all others.[159]

Daar bestaan basies twee vorme van huweliksluiting volgens die gemenereg: huwelike gesluit binne gemeenskap van goed en huwelike gesluit buite gemeenskap van goed.[160]

Kohabitasie[161] word nie in Suid-Afrika as 'n vorm van huweliksluiting erken nie. Daar bestaan geen onderhoudsplig tussen hierdie partye nie, hulle kan nie *ab intestato* van mekaar erf nie en kinders gebore uit so 'n verhouding is buite-egtelik.[162]

---

156 Kaganas en Murray 1991 *Acta Juridica* 116.

157 Joubert *Estate Planning* 11.

158 1886 LRIP AD 130; soos bevestig in *Seedat's Executors v The Master Natal* 1917 AD 302.

159 Costa 1994 *De Rebus* 914.

160 Joubert WA ea *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 1998) 79-80; Robinson JA *Inleiding tot die Familiereg* (Departement Sentrale Publikasies PU vir CHO Potchefstroom 1995) 101; Cronjé DSP *Barnard Cronjé Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1990) 241.

161 Die saamlewe van 'n man en 'n vrou sonder om wettig getroud te wees. Sien ook Schwellnus T *The Legal Implications of Cohabitation in South Africa - A Comparative Approach* (LL D-Proefskrif Universiteit van Leiden 1994).

162 Joubert *Law of South Africa* 25; Joubert *Estate Planning* 14-15. Daar ontstaan egter wel sekere gevolge uit die verhouding soos byvoorbeeld die verantwoordelikheid vir huishoudelike benodighede teenoor mekaar. Joubert *Law of South Africa* 26.

*4.2.2 Gevolge van Huweliksluiting*

4.2.2.1 Status

Die inwerkingtreding van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 en die *Vierde Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993 het verskeie implikasies gehad op die status van vrouens en ter verduideliking moet daar na die posisie voor en na die inwerkingtreding daarvan gekyk word.

Voor 1984 het die man maritale mag oor sy vrou gehad gelykstaande aan voogdy.[163] Dit het beteken dat "the husband's wish must prevail in all matters concerning the common life", insluitend waar hulle woonagtig was asook die standaard van hul lewens.[164] Die vrou het nie kontraktuele bevoegdhede gehad nie en sy het ook nie oor *locus standi* beskik nie.[165] Die man was gevolglik die hoof van die huis.[166]

Die *Huweliksgoederewet* het die maritale mag afgeskaf ten opsigte van huwelike gesluit na die inwerkingtreding van die Wet, met die gevolg dat die maritale mag steeds van krag was ten opsigte van huwelike voor hierdie datum gesluit.[167]

Die *Vierde Algemene Regswysigingswet* het die maritale mag in geheel afgeskaf, dus ook ten opsigte van huwelike gesluit voor 1984.[168] Ook by

---

163 Haar posisie was gelykstaande aan dié van 'n minderjarige. Sinclair JD *Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere 1984* (deur Visser C uit die oorspronklike Engels vertaal) (Juta Kaapstad 1984) 30 vn 105; Murray en Kaganas *Women's Rights* 8; Cronjé *Familiereg* 255-256.

164 Sinclair praat van manlike oorheersing en vroulike onderhorigheid. Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 17; Murray en Kaganas *Women's Rights* 8; Joubert *Law of South Africa* 75; Robinson *Familiereg* 88; Cronjé *Familiereg* 237 en 256.

165 Murray en Kaganas *Women's Rights* 8-9; Joubert *Law of South Africa* 90; Robinson *Family Law* 102,104 en 280; Cronjé *Familiereg* 259.

166 Murray en Kaganas *Women's Rights* 9; Joubert *Law of South Africa* 75-76; Robinson *Familiereg* 102.

167 A 11. Murray en Kaganas *Women's Rights* 12; Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 29; Joubert *Law of South Africa* 90; Robinson *Family Law* 101.

168 A 29. Davel CJ en Jordaan RA *Law of Persons* (Juta Kaapstad 1995) 112 vn 1; Murray en Kaganas *Women's Rights* 13; Joubert *Law of South Africa* 76 en 90; Robinson *Familiereg* 101; Joubert *Estate Planning* 12.

Swartes is die man se maritale mag deur hierdie Wet afgeskaf.[169] Die gemeenregtelike vrou getroud buite gemeenskap van goed beskik oor kontraktuele bevoegdhede en oor die vermoë om met haar eie besittings te handel – die man en vrou is in alle juridiese opsigte gelyk.[170]

4.2.2.2 Vermoënsregtelik

Die maritale mag van die man en die feit dat hy die hoof van die huis was,[171] het die vrou finansieel in 'n baie kwesbare posisie gelaat.[172] Die man het die mag gehad om sy vrou se privaat besittings te vervreem en indien hulle binne gemeenskap van goedere getroud was, was hy in beheer van die gemeenskaplike boedel.[173] Skenkings tussen gades voor 1984 was ook verbode.[174]

Partye wat in die huwelik tree het die reg om te kies volgens watter bedeling hulle besittings beheers moet word.[175] Daar bestaan egter slegs 'n *numerus clausus* bedelings waaruit gekies kan word.[176]

i) Huwelike binne gemeenskap van goed gesluit

Indien partye nie voor huweliksluiting by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak 'n ander bedeling kies nie, sal die huwelik

169 A 29. Bennett TW *Human Rights and African Customary Law* (Juta Kaapstad 1995) 122 vn 72; Murray en Kaganas *Women's Rights* 13 vn 101.

170 Joubert *Law of South Africa* 92. By huwelike gesluit binne gemeenskap van goed beskik albei partye oor gelyke bestuur ten opsigte van die gemeenskaplike boedel. Robinson *Familiereg* 140.

171 Vgl 4.2.2.1.

172 Murray en Kaganas *Women's Rights* 9.

173 Hy kon dus die gesamentlike eiendom vervreem, ensovoorts. Alhoewel die man se reg oor sy vrou se besittings uitgesluit kon word, het hy steeds die hoof van die huis gebly. Murray en Kaganas *Women's Rights* 8 en 9; Cronjé *Familiereg* 256-257; Robinson *Familiereg* 102.

174 Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 31 en 47; Joubert *Law of South Africa* 77; Robinson *Familiereg* 100.

175 Joubert *Law of South* Africa 79. Daar moet in gedagte gehou word dat die vraag of die partye binne of buite gemeenskap van goed getroud is, gereël word deur die regsisteem van die land waar die man gedomsilieerd is ten tye van huweliksluiting. Domisilie is daardie plek volgens die reg waar 'n persoon geag word te woon vir die doeleindes om sy regte en verpligtinge uit te oefen. Davel en Jordaan *Law of Persons* 30.

176 Aangesien die *Vierde Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993 die maritale mag totaal en al afgeskaf het sal slegs die posisie soos dit vandag is bespreek word.

outomaties binne gemeenskap van goed wees.[177] Hierdie wyse van huweliksluiting behels dat alle bates wat voor huweliksluiting en alle bates daarna verkry, in een gesamentlike boedel val, welke boedel gelykop verdeel word tussen die gades by ontbinding van die huwelik.[178] Gades kan by wyse van klousules sekere eiendom soos erflatings, uitsluit uit die gemeenskaplike boedel.[179] Met die afskaffing van die maritale mag beskik albei gades oor gelyke hoeveelheid regte teenoor die boedel, maar daar bestaan aangeleenthede waar partye die ander een se toestemming nodig het vir die aangaan van sekere regshandelinge, soos byvoorbeeld by die vervreemding van onroerende goed.[180]

ii) Huwelike buite gemeenskap van goed, wins en verlies gesluit

Hierdie bedeling behels die uitsluiting van gemeenskap van goed, wins en verlies by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak (wat voor die huwelik aangegaan moet word) of waar die Wet dit voorskryf.[181] Elke party is in beheer van sy eie boedel,[182] en elke party is afsonderlik aanspreeklik vir huishoudelike benodighede deur hom/haar aangegaan, tensy die benodighede gebruik word vir die instandhouding van die gemeenskaplike huishouding.[183] Die partye is dus geregtig om hul eie bates te vervreem en afsonderlike kontrakte aan te gaan.[184] Kontrakte aangegaan deur een party bind nie die ander party nie en gades is ook

177 Daar bestaan uitsonderings op hierdie reël waar partye wat nie 'n huweliksvoorwaarde kontrak het nie, geag word nie binne gemeenskap van goed getroud te wees nie, soos wanneer 'n minderjarige trou sonder die nodige toestemming. Joubert *Law of South Africa* 80; Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 15; Robinson *Familiereg* 58. Gemeenskap van goedere kan *stante matrimonio* beëindig word deur 'n hofbevel, deur egskeiding of deur die afsterwe van een van die partye. Joubert *Law of South Africa* 105; Robinson *Familiereg* 138-140.

178 Elke party besit vyftig persent van die gemeenskaplike boedel, insluitend skulde en laste. Joubert *Law of South Africa* 82 en 102. Beide partye is dus in beheer van die boedel. Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 17. Gedurende die bestaan van die huwelik is elke gade geregtig op 'n "undivided half share in a joint estate". Joubert *Estate Planning* 12.

179 Joubert *Law of South Africa* 85; Robinson *Familiereg* 132.

180 Joubert *Law of South Africa* 93-96; Robinson *Familiereg* 142; Cronjé *Familiereg* 275-276. Sien a 15 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984.

181 Soos byvoorbeeld sekere huwelike van Swart persone. Joubert *Law of South Africa* 114 vn 1; Cronjé *Familiereg* 287. Dit sluit in wat die partye voor huweliksluiting verkry het en daarna. Robinson *Familiereg* 147 en 154.

182 Voor 1984 kon die man uit hoofde van sy maritale mag beheer uitoefen oor sy vrou se boedel. Joubert *Law of South Africa* 114; Robinson *Familiereg* 154 en 156; Cronjé *Familiereg* 300.

183 Joubert *Law of South Africa* 115; Sinclair *Wet op Huweliksgoedere* 42.

184 Joubert *Law of South Africa* 115; Robinson *Familiereg* 154

nie aanspreeklik vir mekaar se onregmatige dade nie.[185] Die vrou wat buite gemeenskap van goedere getroud is, is volkome selfhandelingsbevoeg en kan dus sonder haar man se toestemming aan regsgedinge deelneem.[186]

iii) Aanwasbedeling

Die aanwasbedeling is nie 'n vorm van huweliksluiting nie aangesien dit eers van toepassing word met ontbinding van die huwelik.[187] Die aanwasbedeling kan slegs voorkom by huwelike gesluit na 1984, buite gemeenskap van goed, wins en verlies en dit moet in die huweliksvoorwaarde kontrak vervat word.[188] Dit behels dat partye by die beëindiging van hul huwelik gelykop deel in die aanwas, dit wil sê die groei wat albei se boedels gedurende die bestaan van die huwelik getoon het.[189]

iv) Huwelike gesluit buite gemeenskap van goed

Hierdie situasie kom voor waar partye net gemeenskap van goed uitsluit by wyse van 'n huweliksvoorwaarde kontrak. Partye behou alle bates en laste verkry voor huweliksluiting en deel in alle winste en verliese *stante matrimonio*, uitgesonderd skenkings, erflatings en legate.[190] Elke party het afsonderlike beheer oor sy eie boedel, maar hulle het gelyke beheer oor die gesamentlike boedel.[191]

In die vorige paragrawe is daar gekyk na die vorme van huweliksluiting en die gevolge van die verskillende huwelikstelsels. Vervolgens word daar gekyk na die invloed van hierdie huwelikstelsels op boedelbeplanning.

185 Robinson *Familiereg* 155; Cronjé *Familiereg* 300.
186 Robinson *Familiereg* 156; Cronjé *Familiereg* 300.
187 Joubert *Estate Planning* 13.
188 Joubert *Law of South Africa* 124; Robinson *Familiereg* 158; Joubert *Estate Planning* 12.
189 Cronjé *Familiereg* 304; Joubert *Law of South Africa* 124; Robinson *Familiereg* 157-163. Verliese word wel in berekening gebring by die bepaling van die aanwas, maar aangesien daar nie gedeel word in netto verliese nie is daar nie 'n gemeenskap van verliese nie. Dieselfde geld vir winste van die partye. Joubert *Law of South Africa* 124
190 Joubert *Law of South Africa* 123; Cronjé *Familiereg* 301.

## 5. Boedelbeplanning en Huwelikstelsels

Boedelbeplanning kan omskryf word as

> die proses waardeur 'n eienaar eiendom verkry, die grootste voordeel uit die besit en gebruik daarvan haal (gedurende sy of haar lewe), sodat soveel as moontlik op die mees ekonomiese wyse en met die minste vermindering van die waarde van die boedelbates op sy of haar begunstigdes kan oorgaan (na sy of haar afsterwe).[192]

Die boedelbeplanner moet dus toesien dat die boedeleienaar se bates so georganiseer word dat dit in die behoeftes van die boedeleienaar en sy gesin voorsien, en ook dat as die eienaar te sterwe kom hierdie bates so gou en moeiteloos as moontlik aan sy erfgename oorgedra word.[193]

Vir doeleindes van boedelbeplanning behoort daar op die volgende beginsels gelet te word ten einde 'n behoorlike boedelplan op te stel.

Alle Moslemhuwelike word buite gemeenskap van goed gesluit. Daar bestaan dus nie 'n gesamentlike boedel wat gelykop verdeel word by ontbinding van die huwelik nie en die aanwasbedeling is nie van toepassing op hierdie huwelike nie. Die vrou behou alleenreg oor die bruidskat.

'n Moslem mag net oor een derde (⅓) van sy boedel testamentêr beskik.[194] Die restant vererf intestaat. Die primêre erfgename (ouers, vrou/vrouens, en kinders) van die erflater mag nie uitgesluit word nie.[195] Bemakings in 'n

---

191 Joubert *Law of South Africa* 123; Cronjé *Familiereg* 301.

192 Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelberedderíng en Erfopvolging* 2.

193 Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelberedderíng en Erfopvolging* 2.

194 Pearl *Muslim Law* 114. Volgens die gemenereg van Suid-Afrika is daar twee wyses waarop eiendom vererf kan word, naamlik testamentêre en intestate vererwing. 'n Erflater in die gemenereg beskik oor testeervryheid met betrekking tot sy hele boedel solank dit nie *contra bonos mores*, onwettig, vaag, of onmoontlik is nie. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 34, 325, 326 vn 15.

195 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 40. Sien vir volledigheidshalwe Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 40-51.

testament kan nie aan bevoordeeldes bemaak word wat reeds 'n vasgestelde deel ontvang nie.[196] Vrouens mag net die helfte soveel as die mans erf.

Volgens die Hanafi-skool is die volgorde van betaling uit die boedel as volg:[197]

1) Skulde[198]
2) Begrafniskoste
3) Legate
4) Vasgestelde dele
5) Staatstesourie.

Die Suid-Afrikaanse reg erken egter nie Moslemhuwelike nie.[199] Hul boedels vererf dus volgens die Suid-Afrikaanse reg. Dit het tot gevolg dat die een derde testeervryheid nie van toepassing is in Suid-Afrika nie.[200] Die Islam reëls sou dus net nagevolg word as dit in 'n testament opgeneem word. Die erflater sou dalk 'n trust kan skep (*mortis causa*/*inter vivos*) en daarvolgens bepaal hoe die trustees met die bates kan handel. Daar moet in gedagte gehou word dat aangesien Moslemhuwelike nie erken word nie, die erflater nie sal kan sê "vrou/vrouens" of "gade/gades" nie, maar hy moet haar/hulle uitdruklik by name noem.

Die vrou wat getroud is volgens die Hindoe geloof behou alleenreg oor geskenke wat sy by haar man ontvang. Vrouens mag nie deel in die gesamentlike familie-eiendom nie maar is geregtig op onderhoud daaruit.[201] Die man het net 'n beperkte testeervryheid ten opsigte van die gesamentlike familie-eiendom in die sin dat hy nie testamentêr daaroor mag beskik nie.[202] Hy mag ook nie sy hele boedel testamentêr laat vererf om daardeur te verhoed dat

196 Bemakings aan nie-Moslem vrouens mag nie meer wees as die vasgestelds dele van sy ander vrouens nie. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 34-35.
197 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 36.
198 In die geval van 'n insolvente boedel word die bates nie oorgedra aan die erfgename totdat al die skulde betaal is nie. Pearl *Muslim Law* 115.
199 Vgl 3.1.
200 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 52.
201 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 84.
202 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 85.

sy vrou en ander afhanklikes nie onderhoud kry nie.[203] Die vrou het net testeervryheid ten opsigte van die *stridhana* en nie die beperkte vroulike boedel nie.[204] Die erfgename van die erflater moet laasgenoemde se skulde betaal *pro rata* wat hul geërf het.[205] Indien die erflater intestaat sterf, betaal die beheerder van die gesamentlike familie-eiendom die begrafniskoste.

Die Suid-Afrikaanse reg erken egter nie Hindoe huwelike nie.[206] Die erflater sal dus by wyse van 'n testament oor sy goed moet beskik om te verseker dat die reëls en beginsels van die Hindoereg geskied. 'n Trust (*mortis causa*) sal ook as 'n instrument gebruik kan word om aan die erflater se wense uiting te gee. Die erflater sal weereens sy "vrou/gade" by name moet noem om te verseker dat sy haar deel kry.

Die gewoontereg ken nie die begrip binne en buite gemeenskap van goedere nie. Ingevolge die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998, is gebruiklike huwelike wat na die inwerkingtreding van die Wet gesluit word, egter geag binne gemeenskap van goed en van wins en verlies te wees, tensy die partye tot die huwelik uitdruklik voor huweliksluiting dit by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak uitsluit.

Die gewoontereg tref nie onderskeid tussen testate en intestate vererwing nie.[207] Die *Wet op Testamente* 7 van 1953 het egter tot gevolg dat persone ingevolge die gewoontereg ook testamente kan opstel. Artikel 23(1) van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 bepaal dat alle roerende goed wat aan 'n Swarte behoort het, of wat hy toegewys het, of wat kragtens die gewoontereg aan 'n vrou met wie hy in terme van die gewoontereg getroud was toegekom het, in terme van die gewoontereg beredder moet word. Roerende goed kan dus nie by wyse van 'n testament bemaak word nie.[208] Alle ander eiendom kan wel by

---

203 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 85.

204 Sien 3.2 hierbo. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 85.

205 Dit geld by testate en intestate vererwing. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 86.

206 Sien 3.2 hierbo.

207 Rautenbach The Legal Position of South African Women 324.

208 Joubert *Estate Planning* 9.

wyse van 'n testament bemaak word.[209] Daar bestaan algemene reëls waarvolgens boedels verdeel word. By die Nguni byvoorbeeld, erf die oudste manlike afstammeling van die hoofvrou die boedel.[210] Dit sluit in die status van die oorledene en die beheer van die familie-eiendom.[211] Die boedel word nie gelikwideer of ontbind nie - die erfgenaam tree as't ware in die skoene van die erlater.[212] Verjaring kom nie voor in die gewoontereg nie, en die laste bly voortbestaan totdat dit vereffen word, in teenstelling met die gemenereg.[213] 'n Vrou is nie bevoeg om te erf nie en ook nie 'n man gebore uit 'n vroulike linie nie.[214] Die weduwee/s is nie bevoeg om eiendom van die oorledene te erf nie, maar hulle mag in die huis bly waar hulle gebly het gedurende die bestaan van die huwelik.[215] Huiseiendom bly by die huis waar dit was voor die afsterwe van die erflater.[216]

Eiendom word verdeel in huiseiendom, familie-eiendom (ook bekend as kraaleiendom) en persoonlike eiendom. Die huiseiendom word gebruik om die vrou en haar kinders te onderhou. Die vrou is in beheer van die eiendom, onderworpe aan die beheer van haar man. By die afsterwe van haar man gaan die beheer van die huiseiendom aan die oudste seun van die huis oor wat dan as bewaarder daarvan optree en nie eienaar nie. Die man is in beheer van die familie-eiendom en by sy afsterwe gaan die eiendom oor aan die oudste manlike afstammeling van die oorledene. 'n Vrou het baie min regte met betrekking tot eiendom. Sy kan persoonlike goed besit soos kledingstukke, versiersels en huishoudelike benodighede. Sy mag slegs geskenke hou wat sy deur haar man ontvang het.

---

209 Joubert *Estate Planning* 9.

210 Selfs al is hy nie die kraalhoof se oudste seun nie. Bekker en Coertze *Customary Law* 268. By die Tswana is dit die jongste seun wat erf.

211 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 324.

212 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 34 vn 67; Bekker en Coertze *Customary Law* 292.

213 Bennett *African Customary Law* 397; Bekker en Coertze *Customary Law* 67.

214 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 345-346, 359.

215 Indien die weduwee die huis verlaat na die erflater se afsterwe is sy nie geregtig op onderhoud nie. Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 367-368.

216 Rautenbach *The Legal Position of South African Women* 364.

Een van die algemeenste boedelbeplanningsinstrumente wat in die gemenereg gebruik word, is die trust. Trusts het veral by belastingimplikasies groot voordele aangesien 'n trust 35% belasting op die eerste R100 000 netto inkomste betaal en daarna 45%, waar 'n natuurlike persoon tot en met 42% belasting kan betaal. Ander regsfigure wat van groot nut kan wees by boedelbeplanning is vruggebruik, *fideicommissum*, versekering en maatskappye. Ingevolge artikel 4(q) van die *Wet op Boedelbelasting* 45 van 1955, is alle bemakings aan die langslewende gade vrygestel van boedelbelasting. Die feit dat Moslem en Hindoe huwelike nie erken word in die Suid-Afrikaanse reg nie het dus tot gevolg dat hierdie bepaling nie op hulle van toepassing sal wees nie. Dit het groot belastingimplikasies vir hulle tot gevolg. Volgens die *Wet op Boedelbelasting* 45 van 1955 is die eerste R1 000 000 van 'n persoon se boedel belasting vry. Belasting skep gewoonlik nie 'n probleem by klein boedels nie, maar by groot boedels lyk die posisie anders.

Indien 'n Moslem van 'n trust gebruik maak, kan hy bepaal dat sy vrou/vrouens die inkomstebegunstigdes is. Dit sal verseker dat daar ook na die vrou se belange omgesien word na die man se afsterwe. Sy kinders kan die kapitaalbegunstigdes wees en indien die man dit so verkies, kan hy bepaal dat sy dogters net die helfte soveel as sy seuns mag erf. Hy kan ook voorsiening maak vir die een-derde reël wat van toepassing is in die Moslemreg.

As 'n Hindoe van 'n trust gebruik maak, kan hy nes 'n Moslem daarvoor voorsiening maak dat sy vrou/vrouens goed versorg sal wees na sy afsterwe. Hy kan sy vrou 'n inkomstebegunstigde maak of hy kan eiendom aan haar nalaat. Hy kan selfs bepaal of die eiendom deel sal vorm van die vrou se *stridhana* of haar beperkte vroulike boedel.

'n Persoon getroud volgens die gewoontereg mag ingevolge artikel 23(1) van die *Swart Administrasie Wet* 38 van 1927 nie oor roerende goed by wyse van 'n testament beskik nie. Hy kan egter by wyse van 'n trust oor sy onroerende goed beskik. Indien hy met meer as een vrou getroud is, kan hy vir elke huis 'n trust oprig en bepaal dat die vrouens en sy dogters inkomstebegunstigdes is. Hy kan

besluit of hy slegs sy oudste seun of al sy seuns gesamentlik die kapitaalbegunstigdes wil maak. Sodoende kan hy aan sy gewoonteregtelike gebruike en tradisies uiting gee en steeds sorg dat daar finansieel aan sy vrouens en dogters se behoeftes voorsien word.

Na aanleiding van die bogenoemde is dit duidelik dat 'n spesifiek huwelikstelsel verskeie implikasies het op boedelbeplanning. Waar 'n persoon volgens die gemenereg byvoorbeeld sy plaas aan een kind, sy besigheid aan 'n ander kind, en die restant van sy geld aan sy vrou sal bemaak, sal dit nie aanvaarbaar wees in een van die ander regstelsels nie. Volgens die Moslem, Hindoe of gewoontereg sal 'n vrou nie 'n plaas kan erf nie. Ook nie 'n besigheid nie. By die Nguni byvoorbeeld sal geeneen van die erflater se vroue die restant van sy geld kan erf nie - hulle is slegs geregtig op onderhoud aangesien die erflater se hele boedel aan die oudste seun van sy hoofvrou gaan.

Kennis van al die wette en regsverskynsels wat by boedelbeplanning 'n rol kan speel, praktiese vernuf en 'n goeie mensekennis is alles belangrike faktore wat aanwesig moet wees by 'n goeie boedelbeplanner.

## 6. GEVOLGTREKKING

Die doel van hierdie skripsie was om die verskillende huwelike wat in die Suid-Afrikaanse reg bestaan met mekaar te vergelyk en te bepaal of die verskillende huwelikstelsels binne die Grondwetlike bestel 'n invloed op boedelbeplanning uitoefen. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat dit wel die geval is aangesien elke huwelikstelsel sy eie reëls en beginsels het met betrekking tot die huwelik. Alhoewel die Suid-Afrikaanse reg nie vir al hierdie huwelikstelsels voorsiening maak nie, kan 'n erflater steeds aan sy kultuur en voorkeure uiting gee deur 'n testament op te stel of 'n trust op te rig. In die oprigting van die trust moet die boedelbeplanner kennis dra van die verskillende regstelsels. Daar bestaan ooreenkomste en verskille tussen die Islam, Hindoe en gewoonteregtelike huwelikstelsels.

Daar word vervolgens na die ooreenkomste en verskille van elk van die huwelikstelsels gekyk.

By die Moslem word daar tussen drie vorme van huweliksluiting onderskeid gemaak naamlik die *sahih*-, die *batil*- en die *fasid*-huwelik. Daar word vier vorme van huweliksluiting in die Hindoereg erken, naamlik die *bruhm*-, *ursh*-, *prajaputyn*- en die *dyv*-huwelik. 'n Persoon getroud volgens die gewoontereg het die reg om te kies of hy/sy 'n gebruiklike verbinding of 'n siviele huwelik wil sluit. 'n Persoon mag nie deel wees van 'n gebruiklike en gemeenregtelike huwelik op dieselfde tyd nie. Die volgende huweliksvorme bestaan in die gemenereg: huwelike gesluit binne gemeenskap van goed, wins en verlies; huwelike gesluit buite gemeenskap van goed, wins en verlies met of sonder die aanwasbedeling en huwelike gesluit buite gemeenskap van goed maar binne gemeenskap van wins en verlies.

Moslem huwelike is potensieel poligamies. Hierdie verbintenis moet lei tot gelykheid en geregtigheid vir al die vroue en die man moet dus die finansiële hulpmiddele hê om sy vrouens te onderhou. Volgens die Antieke Hindoereg is dit toelaatbaar vir die man om met meer as een vrou te trou, maar dit is

noodsaaklik dat hy eers die toestemming van sy eerste vrou kry. Die man is steeds verplig om sy eerste vrou te onderhou en haar goed te behandel. Indien die partye trou volgens die gewoontereg is die huwelik potensieel poligamies. Die man mag met soveel vrouens trou as wat hy kan bekostig om trougoed voor te betaal en te onderhou. Daar kan tussen enkelvoudige en meervoudige poligame verbindings onderskei word. Volgens die gemenereg van Suid-Afrika word daar slegs aan monogame huwelike erkenning verleen. Kohabitasie word nie in Suid-Afrika as 'n vorm van huweliksluiting erken nie.

Die vrou is volgens die Islamreg minderwaardig teenoor die man. Die vrou se *persona* en haar boedel is onderhewig aan die beheer van haar man. Die vrou wat getroud is volgens die Hindoe geloof word nooit volkome meerderjarig nie. Haar posisie is dus gelyk aan dié van 'n minderjarige. Volgens die Antieke Hindoe geloof is die vrou nie geregtig om te erf nie tensy sy uitdruklik as 'n erfgenaam genoem word. Volgens die gewoontereg word die voogdy oor die vrou wat voorheen deur haar vader uitgeoefen is, aan haar man oorgedra. Artikel 6 van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 bepaal dat die vrou getroud volgens 'n gebruiklike huwelik nou dieselfde status as haar man het. Die gewoonteregtelike vrou is nie geregtig om intestaat te erf nie, en die beginsel van eersgeboortereg geld, naamlik dat die oudste seun (of sy oudste manlike afstammeling) in die plek van die oorledene tree. Voor 1984 het die man getroud volgens die gemenereg maritale mag oor sy vrou gehad gelykstaande aan voogdy. Die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 het egter die maritale mag afgeskaf ten opsigte van huwelike gesluit na die inwerkingtreding van die Wet. Die *Vierde Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993 het die maritale mag in geheel afgeskaf, dus ook ten opsigte van huwelike gesluit voor 1984. Die man en vrou is in alle juridiese opsigte gelyk.

Alle huwelike in die Islamreg word buite gemeenskap van goed gesluit. Die begrip binne of buite gemeenskap van goed is nie aan die Hindoereg bekend nie. Die gewoontereg ken nie die begrip binne en buite gemeenskap van goedere nie. Ingevolge die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998, is gebruiklike huwelike wat na die inwerkingtreding van die Wet gesluit word,

egter geag binne gemeenskap van goed en van wins en verlies te wees, tensy die partye tot die huwelik uitdruklik voor huweliksluiting dit by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak uitsluit. Partye wat 'n gemeenregtelike huwelik sluit het die reg om te kies volgens watter bedeling hulle besittings beheers moet word. Indien partye nie voor huweliksluiting by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak 'n ander bedeling kies nie, sal die huwelik outomaties binne gemeenskap van goed wees. Die aanwasbedeling is nie 'n vorm van huweliksluiting nie aangesien dit eers van toepassing word met ontbinding van die huwelik. Dit behels dat partye by die beëindiging van hul huwelik gelykop deel in die aanwas, dit wil sê die groei wat albei se boedels gedurende die bestaan van die huwelik getoon het. Huwelike gesluit buite gemeenskap van goed met behoud van gemeenskap van wins en verlies kom voor waar partye net gemeenskap van goed uitsluit by wyse van 'n huweliksvoorwaardekontrak.

Die Moslem vrou is geregtig op 'n bruidskat deur haar man. Die bruidskat wat as *mahr* bekend staan, behoort aan die vrou alleen en haar man het geen seggenskap daaroor nie. 'n Hindoe huwelik bly geldig selfs indien die man nie 'n bruidskat betaal nie. Volgens artikel 7 van die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 bly die vermoënsregtelike gevolge van 'n gebruiklike huwelik wat voor die inwerkingtreding van die Wet gesluit is, onderhewig aan die gewoontereg. Dit impliseer dat die man aan die vrou se vader/voog 'n bruidskat moet gee wat onder meer bekend staan as *lobolo, bogadi* en *bohali*. Daar word nie 'n bruidskat betaal volgens die gemenereg nie.

Die Moslem vrou is geregtig op eiendom alhoewel die man beheer het oor hierdie eiendom. Die Hindoe man is regtens verplig om sy vrou/vrouens en kinders te onderhou. Die vrou behou alleenreg oor geskenke deur haar man aan haar gegee. Die eiendomsreg word gereël volgens 'n sisteem van gemeenskaplike familie-eiendom. Die vroue-eiendom word verdeel in twee groepe, naamlik die *stridhana* en die beperkte vroulike boedel. Die man is verplig om volgens die gewoontereg die vrou/vrouens te onderhou en al die finansiële verpligtinge kom hom toe. Eiendom word verdeel in huiseiendom,

familie-eiendom (ook bekend as kraaleiendom) en persoonlike eiendom. Die vrou is in beheer van die huiseiendom, onderworpe aan die beheer van haar man. Die man is in beheer van die familie-eiendom en by sy afsterwe gaan die eiendom oor aan die oudste manlike afstammeling van die oorledene. 'n Vrou het baie min regte met betrekking tot eiendom. Sy kan persoonlike goed besit soos kledingstukke, versiersels en huishoudelike benodighede. Sy mag slegs geskenke hou wat sy deur haar man ontvang het.

Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 maak nie direk voorsiening vir die erkenning van godsdiensgebaseerde regstelsels nie. Die feit dat die gewoonteregstelsel direk erken word, gelees met die bepalings van artikel 15(3), kan egter beteken dat daar binnekort wel erkenning aan die godsdiensgebaseerde regstelsels verleen sal word. In terme van die gelykheidsbeginsel mag daar nie teen mense gediskrimineer word nie, en indien daar nie erkenning aan hierdie huwelikstelsels verleen word nie, is die gelykheidsbeginsel nie effektief nie. Die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 is die hoogste reg in die land. Die Grondwet lê die hoekstene van demokrasie en op grond hiervan kan die gemenereg nie meer bo-aan die hiërargie van regstelsels wees wat in die Suid-Afrikaanse reg bestaan nie.

Daar het 'n "important shift in the identifiable *boni mores* of the community"[217] plaasgevind wat die Suid-Afrikaanse regsisteem dwing om godsdiensgebaseerde regstelsels te erken. Die howe moet toesien dat die reg nie stagneer deur ekonomiese en sosiale veranderinge te ignoreer nie aangesien dit tot ongeregtigheid sal lei. Geregtigheid en billikheid noodsaak die howe om die reg aan te pas by veranderende omstandighede.[218] Howe sal moet bepaal of die gemenereg aangepas kan word, en indien die howe dan besluit om 'n gemeenregtelike reël te verander, moet daar eers getoets word of die reël nie in stryd is nie met die bepalings van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996.[219] Die howe het 'n belangrike rol om te speel in die proses van harmonisering van verskillende regstelsels. Daar behoort in gedagte gehou te

217 *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1999 4 SA 119 (SCA) par [23].
218 *Zimnat Insurance v Chawanda* 1991 2 SA 825 (ZS).

word dat enige wetgewing wat erkenning aan Moslem of Hindoe huwelike verleen, konstitusioneel moet wees voordat dit aanvaar kan word. Indien die erkenning daarvan nie deur die Moslem of Hindoe gemeenskap aanvaar word nie, sal dit blote papierreg wees.[220]

Hierdie ooreenkomste en/of verskille kan in 'n trust geakkommodeer word. Die boedelbeplanner behoort egter advies te gee om te verseker dat daar nie onbillik teen vrouens/kinders gediskrimineer word nie en dat die familie behoorlik versorg is.

Dit lyk nie of dit moontlik kan wees om 'n eenvormige familieregstelsel vir al die mense in ons reënboogland te formuleer nie as gevolg van die groot verskille wat daar bestaan in die regstelsels en kulture wat teenwoordig is: die stelsel van monogamie teenoor poligame huwelike; gelyke status van die gades teenoor die minderwaardige posisie van die vrou; onderhoud gedurende die huwelik en na egskeiding teenoor gemeenskapsorg as gevolg van lidmaatskap van die man se familie en geen onderhoud na beëindiging van die lidmaatskap nie; ensovoorts.[221] Soos Prinsloo[222] dit stel:

> Instead of unification, consideration should be given to the recognition of the different marriages in a single Act for the purpose of giving full recognition to all the types of marriages and treating the different marriages on an equal basis.

---

219 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 308.

220 Rautenbach en Du Plessis 2000 *THRHR* 314.

221 Prinsloo MW "Pluralism or Unification in Family Law" 1990 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 335.

222 Prinsloo 1990 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 324-336.

**BIBLIOGRAFIE**

**1. Boeke**

**B.**


- Bekker *Marriage, Money, Property and the Law*

  Bekker JC *Marriage, Money, Property and the Law* (Butterworths Durban 1983)

- Bekker en Coertze *Customary Law*

  Bekker JC en Coertze JJJ *Seymour's Customary Law in Southern Africa* (Juta Kaapstad 1982)

- Bennett *African Customary Law*

  Bennett TW *A Sourcebook of African Customary Law for Southern Africa* (Juta Kaapstad 1991)

Bennett *Human Rights*

Bennett TW *Human Rights and African Customary Law* (Juta Kaapstad 1995)


**C.**


Cronjé *Persone- en Familiereg*

Cronjé DSP *Barnard Cronjé Olivier Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1990)


**D.**


Davel *Law of Persons*

Davel CJ en Jordaan RA *Law of Persons* (Juta Kaapstad 1995)

Diwan *Family Law*

Diwan P *Family Law* (Allahabad Law Agency Faridabad 1998)

Doi en Rahman *Shariah*

Doi A en Rahman I *Shariah: The Islamic Law* (Ta-Ha Londen 1984)

Dupret *Legal Pluralism*

Dupret B ea *Legal Pluralism in the Arab World* (Kluwer Law International Den Haag 1999)

**E.**

El Alami en Hinchcliffe *Islamic Marriages*

El Alami DS en Hinchcliffe D *Islamic Marriages and Divorce Laws of the Arab World* (Kluwer Law International Londen 1996)

**H.**

Hodkinson *Muslim Family Law*

Hodkinson K *Muslim Family Law: A Sourcebook* (Croom Helm Londen 1984)

**J.**

Jhabvala *Hindu Law*

Jhabvala NH *Principles of Hindu Law* (C Jamnadas & Co. Mumbai 1998)

Joubert *Law of South Africa*

Joubert WA ea *The Law of South Africa* (Butterworths Durban 1998)

**K.**

Kesari *Hindu Law*

Kesari UPD *Modern Hindu Law* 2e Uitg (Central Law Publications Allahabad 1998)

Khan *Women in Islam*

Khan MS *Status of Women in Islam* (APH Publishing Corporation New Delhi 1996)

**M.**

Mayer *Human Rights*

Mayer AE *Islam and Human Rights* 2e Uitg (Westview Press Londen 1995)

Mayne *Hindu Law and Usage*

Mayne JD *Mayne on Hindu Law and Usage* 8e Uitg (Higginbothams Madras 1914)

Mishra *Marriage Law*

Mishra S *Ancient Hindu Marriage Law and Practice* (Deep & Deep Publications New Delhi 1994)

Moors *Women, Property and Islam*

Moors A *Women, Property and Islam* (Cambridge University Press Londen 1995)

**O.**

Olivier *Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes*

Olivier NJJ ea *Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* (Butterworths Durban 1989)

**P.**

Pearl *Muslim Law*

Pearl D *A Textbook on Muslim Law* (Croom Helm Londen 1979)

Pruthi en Sharma *Islam and Women*

Pruthi R en Sharma BR *Islam and Women* (Anmol Publications New Delhi 1995)

**R.**

Robinson *Familiereg*

Robinson JA *Inleiding tot die Familiereg* (Departement Sentrale Publikasies PU vir CHO Potchefstroom 1995)

Robinson en Human *Suid-Afrikaanse Familiereg*

Robinson JA en Human S *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* (Robé Drukkers Potchefstroom 2001)

**S.**

Sattar *Muslim Family Laws*

Sattar A *Obiadul Huq Chowdhur's Handbook of Muslim Family Laws* 5e Uitg (Dhaka Law Reports Dhaka 1997)

Schacht *Islamic Law*

Schacht J *An Introduction to Islamic Law* (Clarendon Press Oxford 1964)

Seymour *Native Law in South Africa*

Seymour SM *Native Law in South Africa* 2e Uitg (Juta Kaapstad 1960

Simons *African Women*

Simons HJ *African Women: Their Legal Status in South Africa* (Hurst Londen 1968)

Sinclair *Wet op Huweliksgoedere*

Sinclair JD *Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere 1984* (deur Visser C uit die oorspronklike Engels vertaal) (Juta Kaapstad 1984)

Steele *Hindu Castes*

Steele A *The Hindu Castes, Their Law, Religion and Customs* (Miltal Publications Delhi 1986)

Subba Rao *Family Law*

Subba Rao GCV *Family Law in India* 7e Uitg (Law Publishers Allahabad 1995)

**2. Proefskrifte en verhandelinge**

**C.**

Chetty *Hindu Family*

Chetty T *The Traditional Hindu Family in South Africa and the Role of the Social Worker* (MA-skripsie Universiteit van Port Elizabeth 1988)

**J.**

Joubert *Estate Planning*

Joubert A-M *Estate Planning for Today's Woman* (LL M-skripsie PU vir CHO 1998)

**R.**

Rautenbach *The Legal Position of South African Women*

Rautenbach C *The Legal Position of South African Women Under the Law of Succession* (LL D-proefskrif PU vir CHO 2001)

**S.**

Schwellnus *Cohabitation in South Africa*

Schwellnus T *The Legal Implications of Cohabitation in South Africa - A Comparative Approach* (LL D-Proefskrif Universiteit van Leiden 1994)

**V.**

Van der Schyff *Huweliksregstelsels in Suid-Afrika*

Van der Schyff A *Die Invloed van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 op Poligamie in die Tradisionele en Religieuse Huweliksregstelsels in Suid-Afrika* (LL M-verhandeling PU vir CHO 1999)

Van Zijl *Boedelbeplanning, Boedelberedderіng en Erfopvolging*

Van Zijl GJ *Die Invloed van die Swart Gewoontereg op Boedelbeplanning, Boedelberedderіng en Erfopvolging in Suid-Afrika* (LL M-skripsie PU vir CHO 1999)

**3. Tydskrifartikels**

**B.**

Bekker JC "Recognition of Customary Marriages Act: an Evaluation" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 48-50

Bekker JC "Requirements for Validity of Customary Marriages" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 41-47

**C.**

Cassim F "Understanding Women's Rights in Islam" 1999 *Codicillus* 2-9

Costa A "Polygamy, Other Personal Relationships and the Constitution" 1994 *De Rebus* 914-918

**D.**

Dangor SE "The Muslim of South Africa: Problems and Concerns of a Minority Community" 1994 *Al-Ilm* 117-126

De Koker JY "Die Bestaanbaarheid van *Lobolo* in die Nuwe Suid-Afrikaanse Regsbedeling" 1996 *TRW* 75-102

Dlamini CRM "The Ultimate Recognition of the Customary Marriage in South Africa" 1999 *Obiter* 14-40

Du Plessis W "Afrika en Rome: Regsgeskiedenis by die Kruispad" 1992 *De Jure* 289-297

Du Plessis W "Status of Black Women Regarding Land Transactions" 1996 17 (1) *Obiter* 127-138

**F.**

Freedman W "Islamic Marriages, the Duty of Support and the Application of the Bill of Rights" 1998 *THRHR* 532-538

**H.**

Haq Nadvi SH "Islamic Legal Philosophy and the Qur'anic Origins of the Shari'a Law" 1989 *TRW* 89-118

Himonga C en Bosch C "The Application of African Customary Law under the Constitution of South Africa: Problems Solved or Just Beginning?" 2000 *South African Law Journal* 306-341

**J.**

Jazbhay SA "Recent Constitititutional cases" 1997 *De Rebus* 114-115

**K.**

Kaganas F en Murray C "Law, Women and the Family: the Question of Polygyny in a New South Africa" 1991 *Acta Juridica* 116-134

**L.**

Lourens J "Inheemse Reg: Aard en Inhoud in Terme van die Grondwet" 1994 *De Rebus* 856-859

**M.**

Moosa N "Muslim Personal Law – to be or not to be?" 1995 *Stell LR* 417-424

Moosa VI *Submission to the Constitutional Assembly by the Muslim Assembly* (Ongepubliseerd) 1-27

**N.**

Nadvi SS "Muslim Women in Modern Society" 1993 *Al-Ilm* 83-91

**P.**

Prinsloo MW "Pluralism or Unification in Family Law" 1990 *Comparative and International Law Journal of Southern Africa* 324-336

**R.**

Rautenbach C en Du Plessis W "The Extension of the Dependant's Action for Loss of Support and the Recognition of Muslim Marriages: The Saga Continues" 2000 *THRHR* 302-314

Roodt C "Marriages under Islamic Law: Patrimonial Consequences and Financial Relief" 1995 *Codicillus* 50-58

**S.**

Sitaram R "Some Aspects of Hindu Personal Law" 1989 *Nidan* 24-36

**T.**

Tancred E-M "Vroue Agter die Sluier" 1998 *Rooi Rose* 26-29

**V.**

Van der Merwe P (red) "Law Commission Calls for Comment on Islamic Marriage Proposals" 2000 *De Rebus* 15

Van Heerden F "Die Intestate Erfopvolgingsreg van 'n Swart Vrou in 'n Gebruiklike Huwelik" 1998 *THRHR* 522-532

Vorster LP ea "Consequences of the Dissolution of Customary Marriages" 2001 24(2) *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 62-66

Vorster LP "Substitusie in die Inheemse Reg" 1993 *TSAR* 552-560

## 4. Staatspublikasies

Suid-Afrika (Republiek) *Huwelike en Gebruiklike Verbindings van Swart Persone* 51 SARK 10/1986

Suid-Afrika (Republiek) *Gewoontereg: Erfreg* 90 SARK 93/2000

Suid-Afrika (Republiek) *The Harmonisation of the Common Law and the Indigenous Law* 74 SARK 01/1998

## 5. Bydraes by konferensies

Rautenbach C "The Right of Women to Inherit: A Constitutional Analysis of the Applicability of the Bill of Rights" in *Constitution and Law II* Toesprake gelewer by die tweede jaarkongres van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 30 Oktober 1998 Potchefstroom 33-36

## 6. Bydrae of hoofstuk in 'n versamelwerk

Murray C en Kaganas F "Law and Women's Rights in South Africa: An Overview" in Murray C (red) *Gender and the New South African Legal Order* (Juta Kaapstad 1994)

**7. Hofbeslissings**

*Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1997 12 BCLR 1716 (D)

*Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* 1998 4 SA 753 (KH)

*Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund (Commission for Gender Equality Intervening)* 1999 4 SA 1319 (SCA)

*Ex Parte Soobiah: In Re Estate Pillay* 1948 1 SA 873 (N)

*Hyde v Hyde and Woodmanse* 1886 LRIP AD 130

*Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A)

*Mthembu v Letsela* 2000 3 SA 867 (SCA)

*Ratanee v Maharaj* 1950 2 SA 538 (D)

*Ryland v Edros* 1997 1 BCLR 77 (T)

*S v Vengetsamy* 1972 4 SA 531 (D)

*Seedat's Executors v The Master* 1917 AD 302

*Zimnat Insurance Co Ltd v Chawanda* 1991 2 SA 825 (ZS)

## 8. Wetgewing


*Boedelberedderingswet* 66 van 1965

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* 200 van 1993

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*Hindoe Erfopvolgingswet* 30 van 1956

*Hindoe Huwelikswet* 25 van 1955

*Huwelikswet* 25 van 1961

*Swart Administrasie Wet* 38 van 1927

*Vierde Algemene Regswysigingswet* 132 van 1993

*Wet op Boedelbelasting* 45 van 1955

*Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998

*Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984

*Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987

*Wet op Landdroshowe* 32 van 1944

*Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990

*Wet op Testamente* 7 van 1953

*Wysigingswet op die Bewysreg* 45 van 1988

## 9. Internet

Suid-Afrikaanse Regskommissie (*Issue Paper 15: Islamic Marriages and Related Matters* (2000) [Gevind op Internet] http://www.law.wits.ac.za/salc/issue.html [Datum van gebruik 23 April 2001]